


Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 12, No. 3

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mei-Jun 2012 *Tomorrow's World*-tydskrif



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

Het u uself aan God onderwerp?

Glo u in die ware God – die God van die Bybel? Indien wel, dan is dit van kardinale belang dat u die *een basiese gesindheid* begryp waarvoor God in mense soek. Wat is dit?

In hierdie wêreld se verwarde Christendom sal baie mense aan u sê dat wat God bo alles van ons verwag, is om Jesus “aan te neem”. Wat u egter vir uself moet afvra is: “Watter Jesus?” Wat het Jesus Self gesê is die heel belangrikste gesindheid vir 'n mens om te hê?

Let op hierdie stelling van Jesus Christus: “En wat noem julle My: Here, Here! en doen nie wat Ek sê nie?” (Lukas 6:46).

Selfs in die apostel Paulus se tyd was daar vals predikante wat die ware leringe van Christus verdraai het: “Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval” (2 Korinthiërs 11:4). U mag dus al baie gehoor het van “'n ander Jesus” wat slegs lippediens verwag – maar dit is **nie** die Jesus Christus van die Bybel nie!

Dit is lewensnoodsaaklik dat ons geloof het in die *ware* Christus wat aan ons geopenbaar is in die geïnspireerde woorde van die Heilige Bybel – **nie** in die idees en tradisies van mense nie! Dit is net so deurslaggewend dat ons Jesus Christus **gehoorsaam** moet wees – nie net op Sy naam

beslag lê of Hom aanvaar met 'n leë menslike geloof of tydelike emosionele gier nie.

Die apostel Jakobus, een van Jesus se eie fisiese broers, was geïnspireer om ons te waarsku teen leë, vrugtelose geloof: “Jy glo dat God één [die Vader en Christus] is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder. Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die **geloof sonder die werke dood is?**” (Jakobus 2:19-20).

Selfs die **demone** glo aan God en Christus! Dit is, hulle *weet* dat Jesus Christus 'n werklike persoon was wat gekruisig was, en dat God Hom uit die dood opgewek het. Hulle was daar. Hulle het Christus se opstanding gesien. Hulle weet! Vreemd soos dit egter vir sommige mense mag voorkom, deur slegs hierdie dinge “te glo” is **nie** genoeg nie! Die demone weier om hulle lewens en wil aan God te onderwerp en te **doen** wat Hy sê!

Wat van u? Is u tevrede om net te “glo” dat daar iewers 'n God is en dat Sy Seun, Jesus Christus, vir u gesterf het? Het u 'n leë geloof, of 'n *lewende* geloof wat u noodsaak om u lewe heeltemal aan God te onderwerp – om u lewe aan Hom te gee deur die ware Jesus Christus, om so gewillig te wees om te **doen wat God sê**, kom wat wil? Dít is die soort geloof wat God behaag en tot die ewige lewe in Sy Koninkryk lei!

Jesus sê: “As iemand agter My aan wil kom,

moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind" (Mattheüs 16:24-25).

Wat was Jesus se antwoord toe 'n jong man Hom die pad na die ewige lewe gevra het? "Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik God. **Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooië**" (Mattheüs 19:17). Jesus is die "Lig" wat God na die wêreld gestuur het om ons te wys hoe om te lewe. Hy was ons voorbeeld, maar nogtans het wêreldse mense met dosyne verskonings te voorskyn gekom waarom of hoekom daar met die Tien Gebooië weggedoen is op die een of ander wyse.

In Sy geïnspireerde Skrif toon God duidelik aan dat, omdat ons nasies ons gedistansieer het van Hom en Sy wette, Hy dit nodig ag om ons liefdevol te **tugtig** om ons na Hom terug te bring. God het ons voorvaders gewaarsku dat, indien ons mense hul distansieer en "verderflik handel" en om te "doen wat verkeerd is in die oë van die HERE jou God", dan sal Hy ingryp om ons tot ons sinne te **skud** (Deuteronomium 4:23-25). "Dan neem ek vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle dat julle sekerlik gou uit die land sal vergaan waarheen julle oor die Jordaan trek om dit in besit te neem; julle sal die dae daarin nie verleng nie, maar sekerlik verdelg word.

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Het u uself aan God onderwerp?

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Jesus Christus

kom om te regeer!

3

Ateïste, agnostici en somer eenvoudig spotters, is sekerlik volop. Die Bybel bedoel egter wat dit sê!

Aangesigtyd

8

Namate die samelewing virtueel raak, is dit belangriker as ooit om tyd te belê in van aangesig tot aangesig verhoudings.

Die Sabbat geskil

13

Maak dit saak watter dag u u Sabbat noem? Wat sê die Skrif?

Die "Tweede Muis"

17

Gereeld

Môre se Jeug

18

Waak en Waarsku

20

Vrae en Antwoorde

23

Profesie neem gestalte aan

24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

John Robinson

Streeksredakteurs

Bruce Tyler (Australasië)

Gerald Weston (Kanada)

Rod King (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VSA:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

FILIPPYNSE EILANDE:

PO Box 492

Araneta Center 1135, Philippines

Tel: 63-2-723-0499

Faks: 63-2-414-5349

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

Jesus Christus kom om te regeer

Deur Roderick C. Meredith

Ateïste, agnostici en sommer eenvoudig spotters, is sekerlik volop. Die Bybel bedoel egter wat dit sê!

As 'n jong man aan *Ambassador College*, het ek in 1949 gehoor hoe mnr. Herbert W. Armstrong – oor en oor – in die openbaar verkondig het dat, tensy Brittanje en Amerika tot *ware* inkeer kom voor die aangesig van die God van die Bybel, sal 'n hele aantal *spesifieke gebeure* begin om plaas te vind:

Die Britse Ryk sal tot 'n **einde** kom.

Die groot “see-poorte” – soos die Suezkanaal, die Straat van Hormuz, die Straat van Malakka, Singapoer en die Panamakanaal – sal weggeneem word onder die beheer van die Verenigde State en die nasies van Britse afkoms. Russiese beheer oor die Oos-Europese nasies sal tot 'n **einde** kom. Mnr. Armstrong het *spesifiek* die val van die Berlynse Muur *voorsien* en die eenwording van Oos- en Wes-Duitsland.

Britse en Amerikaanse oorheersing oor wêreldgebeure sal tot 'n **einde** kom, want die Ewige God sal hul trotse mag “verbreek”, **tensy** hulle in *ware* berou terugkeer na

God en Sy weë.

'n Kragtige Europese Unie sal tot stand kom – uiteindelik saamsmelt in 'n werklike Europese Ryk – die finale geprofeteerde herlewing van die Heilige Romeinse Ryk wat vir eeue die grootste deel van Europa beheer het.

My vriende, dit is almal **groot** verwickelinge wat min, indien enige, “sekulêre” voorspellers 50 (of selfs 30) jaar gelede sou verwag het. Hulle raak die lewens van *honderde miljoene* mense. Nogtans, net soos mnr. Armstrong voorsien het, is hulle **almal** reeds vervul, of *in die proses* om vervul te word! Daar is tog 'n **ware** God! Daardie grote God – wat *direk* die Bybelse profesieë *geïnspireer* het van waar mnr. Armstrong sy begrip verkry het – is *nou* meer kragtig besig om in te gryp in wêreldsake, as in duisende jare – veral sedert die tyd dat Jesus Christus hier op die aarde was!

Hoekom? Omdat ons werklik die einde van die eerste 6,000 jaar van menslike geskiedenis, die geprofeteerde Millennium, nader – Jesus Christus se duisendjarige heerskappy as Koning van konings oor fisiese mense hier op planeet aarde (Openbaring

11:15;20:4).

Ongelukkig het die einste nasies vir wie God geseën en gebruik het in die moderne tyd om totale wêreld-chaos te voorkom – die nasies wat meer Bybels en sendelinge uitgestuur het as al die ander nasies op aarde saam – deesdae vir alle praktiese doeleindes die ware God **verwerp!** Deur middel van ons politieke en godsdienstige onderwysers, en ons invloedryke en alomteenwoordige media – soos televisie en die Internet – is die **meeste** mense, aktief of passief, besig om “saam te gaan” met die grootste anti-God beweging in eeue! Miljoene mense begin *nou* om “huwelike” van mans met ander mans, en van vroue met ander vroue, te aanvaar! Ons is geneig om “weg te kyk” wanneer ons sien dat toenemende miljoene van ons medeburgers openlik in verhoudings buite die huwelik leef, iets wat God **duidelik** verdoem as hoerery. Ons sien die verheerliking van dwelmverslawing as 'n “leefstyl”.

Trouens, ons het ons nasies se politici, opvoeders en medialeiers passief toegelaat om die Engelse taal te “herskep”. Dus is hoerery *nie meer* hoerery nie. Inteendeel, dit is nou eerder net “saambly”. Nuwe maniere om af te wyk van die natuurlike gebruik

van die menslike liggaam en emosies, word voortdurend bygevoeg tot die verskeidenheid van praktyke wat opgehemel word as “alternatiewe leefstyle”.

Intussen word die voortgesette slagting van miljoene ongebore kinders nie meer “moord” genoem nie. In plaas daarvan noem die advokate dit nou “die uitoefening van die vrou se reg om te kies”. Feitlik niks word gesê oor die reg van die ander liggaampie binne die swanger moeder nie – omtrent die helfte van die tyd 'n ander vrou, 'n klein mensie wat na die beeld van God geskape is – wat van haar eie “reg om te kies” om te bly lewe, ontnem word!

Namate hierdie sogenaamde “vooruitgang” in menslike sake meer algemeen word, sal die grote **God** – die Skepper van hemel en aarde – op 'n sekere punt sê: “**Genoeg!**” Dan sal die ysingwekkende oorloë, storms, droogtes, hongersnood, siekte-epidemies en massiewe aardbewings wat Jesus Christus spesifiek voorspel het (Lukas 21:22-27; Mattheüs 24:6-7) begin toeslaan met 'n **intensiteit soos nog nooit voorheen gesien nie!**

Soos hierdie Werk van die lewende God vir baie dekades al gewaarsku het, **sal** die Skepper wat aan ons lewe en asem gee, binnekort ingryp in menslike aangeleenthede om die **verrotting te stop!** Hy is nie 'n “gemene” God om dit te doen nie. Intendeel, ons Skepper sal ingryp om die mens letterlik te red van selfvernietiging. Soos Jesus voorspel het, sal die

vinnig naderende tydperk van groot oorloë en ontwrigtende weerpatrone so verskriklik wees dat “as daardie dae nie verkort was nie, sou **geen vlees** gered word nie, maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word” (Mattheüs 24:22).

Wat lê binnekort voor?

My vriende, ek weet dat die meeste van u – veral van ons ouer lesers – verwag dat Amerika en Brittanje deur elke toets en beproewing wat opduik, sal “ploeter”. Op gesag van die Skrif moet ek u egter waarsku dat dit binnekort *beslis anders* sal wees! Ons **is** naby die einde van 'n tydperk. God se profesieë **sal** vervul word! Verstaan asseblief: Jesus het spesifiek aan ware Christene gesê: “Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en **julle doodmaak**; en julle sal deur al die nasies **gehaat** word ter wille van my Naam. En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat” (Mattheüs 24:9-10).

Ons is nou op die punt om 'n tyd van verskriklike **verdrukking** te nader, 'n tyd wat enigiets wat die wêreld al ooit tevore ervaar het, sal oortref (Mattheüs 24:21). Selfs terwyl ek hier skryf, het ek voor my 'n skokkende artikel uit die tydskrif *Newsweek*, wat in detail die veragtelike vervolging en geweld teen belydende Christene dwarsdeur die Islamitiese wêreld beskryf. Hierdie sekulêre publikasie skryf: “Dit is 'n stygende groepsmoord wat wêreldwye

protes behoort uit te lok”. Die artikel gaan voort om *talle* gevalle van verskriklike geweld te beskryf: “In Januarie 2012 alleen was Boko Haram verantwoordelik vir 54 sterftes. In 2011 het sy lede minstens 510 mense vermoor en meer as 350 kerke in 10 noordelike state afgebrand of vernietig. Hulle gebruik gewere, petrol, bomme en selfs pangas en skree 'Allahu akbar' ('God is groot'), terwyl hulle aanvalle loods op niks vermoedende burgers. Hulle het kerke, 'n Kersdag byeenkoms (waar 42 Katolieke gedood is), biersale, 'n stadsaal, skoonheidsallonne en banke aangeval. Hulle het tot dusver gefokus op die uitmoor van Christelike geestelikes, politici, studente, polisiemanne en soldate, sowel as Moslem geestelikes wat hulle oproer veroordeel” (13 Februarie 2012).

Intussen is God besig om Sy beskermende hand weg te neem van die Amerikaners en die Britse afstammeling, namate hulle hul verder distansieer van die Tien Gebooie. Indien u dit nog nie gedoen het nie, bestel u gratis eksemplaar van ons boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*, om meer te leer aangaande hierdie lewensbelangrike profetiese konneksie. In 'n profesie wat **direk** van toepassing is vir die Amerikaners en hedendaagse nasies van Britse afkoms, verduidelik God: “Al jou minnaars het jou vergeet, hulle vra nie na jou nie; want Ek het

jou geslaan soos 'n vyand slaan, met 'n wrede tugtiging, omdat jou ongeregtheid groot is, geweldig jou sondes. Wat skreeu jy vanweë jou verbreking, jou smart wat onge-neeslik is? *Omdat jou ongeregtheid groot is, geweldig jou sondes*, het Ek jou hierdie dinge aangedoen” (Jeremia 30:14-15).

As gevolg van “skandelige” gebruike en anti-God gesindhede wat dwarsdeur die hele gemeenskap uitgebeeld word, sal die Amerikaanse en Britse volke inderdaad afgetakel word, **tensy** daar 'n nasionale terugkeer na God is, soos wat dit nog nooit voorheen gedoen is in die moderne tyd nie! Wanneer u wat hier lees begin om die voortdurende vervulling van hierdie spesifieke Bybelse profesieë oral rondom u te sien, dan is dit nodig dat u verstaan dat die *werklike* Jesus Christus van die Bybel binnekort **moet** terugkeer of die wêreld sal vernietig word.

Ja, die spesifieke profesieë wat ons vir dekades verkondig of van geskryf het, is besig om *nou* vervul te word. Selfs wêreldlikes sien die toenemende gevare. Die *Bulletin of the Atomic Scientists* het vroeër vanjaar sy “Oordeelsdag-horlosie” aange-skuif na “vyf minute voor middernag” nadat hulle daarin aangehaal het dat “onvoldoende vordering” met kern- en klimaatkwessies die rede daarvoor is.

Die tyd raak dus min vir God se ware leraars om 'n werklik kragtige **waarskuwing** aan ons

mense te rig – asook aan die *hele wêreld* – oor wat binnekort voorlê. Ons het 'n **groot** werk om te doen! Die Almagtige God *verwag beslis* van Sy getroue dienaars om **al** ons medemense te “waarsku” aangaande die komende Groot Verdrukking. God vertel ons in Sy Woord aangaande hierdie einste saak, asook die *gevoel van dringendheid* wat ons behoort te hê in die lewering van hierdie boodskap: “Red die wat na die dood gesleep word, en die wat na die slagbank wankel, hou *hulle* tog terug! As jy sê: Kyk, ons het dit nie geweet nie! – sal Hy wat die harte toets, dit nie merk nie? En Hy wat let op jou siel, Hy kom dit te wete. En Hy vergeld die mens na sy werk” (Spreeke 24:11-12).

Weereens, soos Jesus verklaar het aangaande die komende verdrukking, “as daardie dae nie verkort was nie, sou **geen vlees** gered word” nie. Die *ware* Jesus Christus van die Bybel **moet** terugkeer, anders sal die vegtende, vleeslike, God-verwerpende nasies alle menslike lewe van hierdie planeet vernietig!

Dink daaraan dat, afgesien van die groot nasies wat atoomwapens in die verlede gehad het, *drie ander lande* – Israel, Pakistan en Indië – aansienlike voorrade atoombomme versamel het, en in staat is om van hierdie bomme te werp op die finansiële, nywerheids- en politieke hoofstede van hulle vermeende vyande. Nou sien ons die skouspel van 'n *vierde land*, Iran, wat voort stoomroller met sy ontwikkeling van

kernwapens – selfs ten koste van die risiko van die vernietiging van sy wêreldwye handel en die keldering van sy binnelandse ekonomie. Daardie nasie skyn **heeltemal vasbeslote** te wees om kernwapens te verkry. In reaksie hierop het baie nuusontleders onlangs geskryf oor die veronderstelde “onafwendbaarheid” van 'n Israeli aanval op Iran se kernfasiliteite. Soos sommige Israeli leiers herhaaldelik gesê het: “Dit is nie net 'n politieke opsie vir ons nie, dit is 'n kwessie van ons *werklike oorlewing*”,

Indien Israel Iran aanval binne die volgende paar maande – miskien selfs voordat u hierdie artikel ontvang – mag dit inderdaad 'n “vuurstorm” regdeur die Midde-Ooste ontketen. Dit sal sekerlik die proses van die Europese nasies om saam te snoer in die finale herlewering van die Heilige Romeinse Ryk, bespoedig. Dit sal die samesnoering van die Arabiese nasies in wat die “koning van die Suide” genoem word, bespoedig (Daniël 11:40). Dit sal ook die **einde** van hierdie huidige samelewing bespoedig.

Die EINDE van demokrasie?

In November 1947 toe Sir Winston Churchill voor Brittanje se Laerhuis gepraat het, het hy gesê: “Niemand gee voor dat demokrasie volmaak of alle wysheid in pag het nie. Daar is intendeel al gesê dat demokrasie die **slegste** vorm van regering is, behalwe al

daardie ander vorms wat van tyd tot tyd probeer is". Baie van Amerika se vroeëre leiers het *deeglik verstaan* dat nie enige volk op enige plek, demokrasie suksesvol kan beoefen nie. Trouens, hulle tweede President, John Adams, het in Oktober 1798 aan Massachusetts se militêre offisiere geskryf: "Ons het nie 'n regering wat toegerus is met die krag wat geskik is vir die stryd teen menslike hartstogte, ongebreideld deur moraliteit en godsdiens, nie. Ons Grondwet is slegs gemaak vir 'n morele en godsdienstige volk. Dit is heeltemal ontoereikend vir die regering van enige ander".

Oor die algemeen vrees die Amerikaanse en nasies van Britse afkoms God vandag **nie**, nog minder streef hulle "moraliteit en ware godsdiens na". Baie min mense **gee** selfs **voor** dat hulle die Heilige Bybel bestudeer om te sien wat dit eintlik sê. Ons nasies is vinnig besig om selfs die nominaalste Christelike verwysings en praktyke uit die openbaar te verwyder. Om die waarheid te sê, die meeste media-leiers en opvoeders tree op asof hulle die God van die Bybel en Sy leerstellings *verag!*

God het ons voorvaders gewaarsku: "... as julle my insettinge **verwerp**, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek – dan sal Ek dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die toring en die koors wat die oë verteer en die

lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet" (Levitikus 26:15-16). Ons behoort dus nie verbaas te wees as ons "verskriklike" terroristaanvalle en baie ander beroeringe ervaar nie. Verskriklike "verterende siektes" soos **kanker** en VIGS neem toenemend die gesondheid, vitaliteit en die werklike **lewens** van miljoene van ons mense weg.

Die kragtige profetiese waarskuwing in Levitikus 26 gaan voort: "En as julle dan nog nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle sewevoudig weens julle sondes te tuggtig. En Ek sal julle trotse mag verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper" (verse 18-19). Dus lê nasionale aftakeling en vernedering, gepaard met droogte, hongersnood en voedseltekorte in ons toekoms – saam met siekte-epidemies (Mattheüs 24:7). Dit is derhalwe noodsaaklik dat ons na God keer en bid dat 'n **ware Christelike** regering, gelei deur Jesus Christus self, binnekort op die aarde gevestig sal word om aan die hele wêreld so 'n mate van vrede, voorspoed en **vreugde** te bring soos nog nooit ervaar is nie.

Hoe kan dit plaasvind?

Vir dié van u wat nog nooit die Bybel verstaan het nie, mag dit simplisties klink. Om egter die *korrekte regering* op hierdie aarde te vestig, is waaroor die ware evangelie van Jesus Christus alles gaan! Die apostel

Petrus het dit duidelik aan die vroeë Christene verkondig: "Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en **tye van verkwikking** van die aangesig van die Here mag kom, en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus, Hom wat die hemel moet ontvang *tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge*, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete" (Handelinge 3:19-21).

'n Tyd van "wederoprigting" sal binnekort op hierdie aarde plaasvind! Vanaf die profesieë van Daniël – wat die vier wêreldregerende koninkryke en dan die Koninkryk van God wat "**in ewigheid nie** vernietig sal word nie" beskryf (Daniël 2:36-44) – tot die profesieë van Openbaring, word God se Koninkryk in detail voorspel regdeur die Bybel.

Die profeet Jesaja is geïnspireer om te skryf: "En *aan die einde van die dae* sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge [groot nasies] en verhewe wees bo die heuwels [kleiner nasies], en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. *Want uit Sion sal die wet uitgaan* en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspraak oor baie volke; en

hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Jesaja 2:2-4).

God sal regeer!

Dus, 'n werklike “Koninkryk” – of **regering** – sal *op hierdie aarde* gevestig word in die “laaste dae”. Dit sal gebaseer wees op die wet van God, wat sal uitgaan vanuit Jerusalem. Dit sal as Heerser hê, die Koning van konings – Jesus Christus.

Die Skrif beskryf wat sal gebeur aan die einde van die geprofeteerde “basuin”-plae: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die *koninkryke van die wêreld* het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15). Jesus Christus – die Koning van die konings – sal bygestaan word deur baie ander konings, die *ware heiliges* van God wat as getroue Christene gedurende hierdie tyd, bereid was om werklik te **glo** en te reageer op wat God sê!

Soos God belowe: “En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het” (Openbaring 2:26-27). Diegene van ons wat dus bereid is om ons

God en ons Skepper te **glo** – werklik te **doen** wat Hy sê – het 'n ongelooflike toekoms voor ons, om Jesus Christus by te staan om te *regeer* en om **vrede** na hierdie oorloggeteisterde wêreld te bring!

Die geïnspireerde Lied van die Heiliges in Openbaring 5:10, onthul dat God – in Sy ontsagwekkende Plan – “... het *ons konings* en **priesters** vir onse God *gemaak*, en **ons sal as konings op die aarde heers**”. Let daarop dat God se Koninkryk *op hierdie aarde* sal wees – **nie** in die hemel nie! Let ook daarop dat dit baie moeilik gaan wees vir liberale predikers om voort te gaan met hul verkondigings om al hierdie spesifieke profesieë weg te praat as “poëties” of as “metafore” en dus **nie** bedoel wat hulle eintlik sê oor 'n komende wêreldregering nie!

Word wakker!

Die “ware gelowiges” – diegene aan wie dit werklik gegun sal word om **te heers** in Jesus Christus se vinnig naderende regering – word herhaaldelik in u Bybel duidelik op hierdie manier beskryf: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; *hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar*” (Openbaring 14:12). Die Tien Gebooie van God is **nie** “aan die kruis gespyker” nie. Intendeel, die rekord van *ons sondes* is deur Jesus Christus, ons Verlosser, aan die kruis vasgespyker. Onderwerping aan Hom om Sy lewe in ons te

leef (Galasiërs 2:20) deur die inwoning van die Heilige Gees – om sodoende die krag te hê om werklik **gehoorsaam** te wees aan Sy gebooie – sal kenmerkend wees van die Christelike karakter van diegene wat kwalifiseer om Christus by te staan om hierdie hele **weg van lewe** na die aarde te bring in God se komende Koninkryk!

Waar dit Jesus Christus se toekomstige **heerskappy** op hierdie aarde beskryf, sê Psalm 72 aan ons: “Laat hy u volk oordeel met geregtigheid en u ellendiges metreg. Dieberge sal vrede dra vir die volk, en die heuwels, deur geregtigheid. Hy sal aan die ellendiges van die volk reg verskaf, die kinders van die behoeftige verlos en die verdrukker verbrysel” (Psalm 72:2-4).

God se toekomstige regering sal dus baie ware begrip en **genade** insluit vir diegene in nood. Soos verse 12-14 verduidelik: “Want hy sal die behoeftige red wat daar roep om hulp, en die ellendige en wie geen helper het nie. Hy sal hom ontferm oor die arme en behoeftige, en die siele van die behoeftiges sal hy red. Hy sal hulle siel verlos van verdrukking en geweld, en hulle bloed sal kosbaar wees in sy oë”.

Nadat Christus op die Olyfberg neergedaal het in glorieryke heerlikheid, sal die nasies geleer word om hulle Skepper te gehoorsaam: “Ja, *al die konings* sal hulle voor hom buig, **al die nasies** sal hom dien” (vers 11). As gevolg van opregte gehoorsaamheid aan die

Vervolg op bladsy 26

Aangesigtyd

Deur Rod McNair

Namate die samelewing virtueel raak, is dit belangriker as ooit om tyd te belê in van aangesig tot aangesig verhoudings.

Na 'n lang werksdag, het ek dankbaar in 'n gemakstoel gaan sit en begin om 'n koerantartikel te lees. Een van my klein dogtertjies het op my skoot geklouter en opgewonde begin om van haar dag se avonture te vertel. Ek het ingedagte gereageer, maar my oë het nooit die bladsy verlaat nie. Die volgende oomblik het sy stilgebly, my wange in haar handjies gegryp en my gesig na haar toe getrek met 'n smekende: "Pappa?"

Nadat sy in my oë gekyk het, het ek gesien wat ek oomblikke tevore gemis het. Sy wou nie hê dat ek ingedagte moes luister en haar antwoord nie, sy wou van aangesig tot aangesig met my kommunikeer. Ek het daardie dag 'n waardevolle les by my dogtertjie geleer.

Die band wat ons smee deur aangesig tot aangesig interaksie is diepgaande. Wanneer ons mekaar se gesigsuitdrukings lees, verkry ons waardevolle leidrade oor die ander se gemoedstoestand, of hulle gelukkig, hartseer, of tevrede is. Ons leer om nie-verbale tekens wat inligting oordra, te verstaan. Ons verkry inligting of 'n persoon verward, verleë of kwaad is. Ons ontdek wenke van geamuseerdheid en gedeelde humor. Ons voel aan of 'n persoon betroubaar, oop en eerlik, of

terughoudend en op sy hoede is. Ons vermag dit alles deur van aangesig tot aangesig te kommunikeer.

Mense het gesigsuitdrukings begin vertolk sedert die begin van tyd. Die Bybel vertel ons dat toe God Kain gekonfronteer het oor sy ongehoorsaamheid, het Kain sy "hoof laat hang" (Genesis 4:5). Kain se emosie was maklik om te lees – dit was oor sy gesig geskryf! Nehemia het toe hy as skinker vir koning Artasásta gedien het, nie sy hartseer vir die lot van sy mense in Jerusalem kon verberg nie. Die koning het gevra: "Waarom is jou aangesig so bedroef; jy is tog nie siek nie? Dit is niks anders as hartseer nie" (Nehemia 2:2). Ons lees: "Soos in die water aangesig teenoor aangesig is, so is die hart van die mens teenoor die mens" (Spreuke 27:19). Ons gesigte is die kommunikasie-skakel waardeur ons heel persoonlikste verhoudings gehandhaaf word. Aangesig tot aangesig kontak is 'n waardevolle hulpmiddel vir die bou en instandhouding van gesonde, betekenisvolle en bevredigende verhoudings.

Ongelukkig, in ons moderne wêreld, is ware aangesig tyd besig om 'n verlore kommoditeit te word. Namate elektroniese kommunikasie besig is om vinniger en goedkoper te raak,

raak ware persoonlike interaksie skaarser – ons betaal die prys in verswakte en beskadigde verhoudings. 'n Onlangse studie het bevind dat oormatige gebruik van die media – veral wat hul "multi-tasking" noem – die maatskaplike en emosionele ontwikkeling van preadolesente meisies kan benadeel. Die studie het bevind dat "oormatige digitale 'multi-tasking' en meer tyd wat deurgebring word voor skerms, ooreenstem met swak emosionele en maatskaplike gesondheid – waaronder lae maatskaplike vertroue, om nie normaal te voel nie, om meer vriende wat deur ouers as swak invloed beskou word te hê en selfs om minder te slaap" ("Study: Face Time Benefits Teens", *Wall Street Journal*, 31 Januarie 2012).

Wat is die oplossing? Volgens die studie se mede-outeur, Dr. Clifford Naas van Stanford Universiteit, lê die antwoord in eenvoudige, outydse **aangesig tot aangesig gesprekke**. Dr. Naas skryf: "Jy het altyd gehoor: 'Kyk na my wanneer ek met jou praat,' maar nou kyk almal eerder na hul toestelle ... Die heel belangrikste boodskap is dat aangesig tot aangesig kommunikasie eenvoudig uiters belangrik is en dat daar 'n dramatiese afname daarin is onder kinders en onder

gesinslede" (*ibid.*).

Jong mense is nie die enigstes wat dit aantreklik vind om die digitale media toe te laat om aangesig tot aangesig interaksies in hul lewens te verdring nie. Volwassenes is net so kwesbaar. Baie volwassenes spandeer aansienlike hoeveelheid tyd voor 'n rekenaar, slimfoon, tablet of ander hoë-geologiese toestelle. Hierdie toestelle gee ons ongekende toegang tot voortdurende vermaak en oombliklike kommunikasie, hulle het ook 'n geldige plek in ons lewens (sien "Die twee gesigte van tegnologie" elders in hierdie uitgawe). Is ons egter die meesters van ons toestelle of die slawe daarvan (Romeine 6:16)? As u nie seker is nie, vra uself af of u "skeidings-angs" ervaar het die laaste keer toe u vir 'n geruime tyd weg was van u selfoon of rekenaar. Indien u nie van hulle af weg was nie, het u waarskynlik u antwoord!

Namate kommunikasie-tegnologie meer gesofistikeerd raak, word dit selfs makliker om dit te gebruik om bykans enige menslike interaksie te vermy. Ja, daar is tye wanneer 'n noukeurig geskrewe boodskap verkieslik is bo 'n stortvloed van woorde. Nogtans, in so baie van ons interaksies, is die beloning van "persoonlike aanslag" die moeite werd. In haar boek, *Face to Face*, stel kommunikasie konsultant Susan Roane dit so: "Wanneer ons tegnologie gebruik om menslike interaksie te vermy, mag ons tyd spaar, maar ons verloor die geleent-

heid om verhoudings, vertroue en kontak te bou, asook die onverwagte voordele wat voortspruit uit 'n van aangesig tot aangesig omgewing" (bl. xvii).

Wil u graag hê dat u verhoudings meer opreg en betekenisvol moet wees? Soek u 'n groter gewaarwording van welstand? Oorweeg die belangrikheid daarvan om *aangesigtyd* 'n prioriteit te maak in drie belangrike fasette van u lewe; saam met u huisgesin, u geestelike familie en met God Self.

Familie aangesigtyd

Dink oor die atmosfeer in u huis. Ontleed u interaksie met u huweliksmat en kinders. Praat u regtig met mekaar? Nog belangriker, luister u na mekaar? Dit is maklik om ware kommunikasie af te skeep in ons moeilike en haastige lewens. Skoot-rekenaars en slimfone word die immer-teenwoordige en altyd "aangeskakelde" bybehore – diewe wat die reeds-te-min tye met ons geliefdes wegraap.

'n Onlangse artikel in die *Boston Globe* wys daarop dat meer en meer kinders hulle ouers vra om die gebruik van slimfone en rekenaars te verminder by die huis ("*Dad, can you put away the laptop?*", 8 Maart 2012). Van die studies het bevind dat die gemiddelde werkende persoon minder as 30 sekondes per dag spandeer in betekenisvolle kommunikasie met sy of haar kinders. Dit is nie genoeg nie! Indien dit al tyd is wat ons saam met ons kinders

deurbring in 'n werklike gesprek, dan stuur ons (en hulle) af op ernstige probleme.

Verbind u daartoe om te belê in aangesig tot aangesig verhoudings! Gesels daagliks met u huweliksmat. Deel uself. Praat oor u lief en leed. Wees bemoedigend. Probeer om met behulp van 'n "SAGTE antwoord" woede te ontloot (Spreuke 15:1). Wees bereid om 'n bietjie toe te gee. Jesus sê tog immers dit is "saliger om te gee as om te ontvang" (Handelinge 20:35). Probeer om u huweliksmat te verstaan. Sit die foon neer en skakel die skoot-rekenaar af en u mag verbaas wees om te ontdek hoe u huwelik sal floreer soos nog nooit tevore nie!

Moses het die kinders van Israel beveel om deurlopende, voortdurende gesprek te voer met hul kinders: "En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan" (Deuteronomium 6:6-7).

Dit is 'n mandaat aan ware Christenouers om die Waarheid aan hul kinders oor te dra by elke moontlike geleentheid. Dink egter oor wat hierdie vers ook impliseer bo en behalwe net die Waarheid; daar behoort ook gedurig baie algemene gesprekke te wees tussen gesinslede. Een van die beste plekke om te begin is aan die etenstafel. **Streef daarna om minstens een maaltyd per dag saam te eet as gesin.** Skakel

die televisie af gedurende etenstyd. Bêre die koerant. Verban selfone van die tafel af. Vra vrae en moedig almal aan om deel te neem, moet niemand uitlaat nie. Moenie toelaat dat u gesinslede uitmekaardryf nie. Begin om hulle weer te betrek deur so veel as moontlik maaltye gereeld saam te nuttig.

Terwyl gesinslede luister, behoort hulle na mekaar te kyk – van aangesig tot aangesig! Om onverdeelde aandag te gee is veral belangrik vir 'n ouer se verhouding met kinders. Geneesheer Ross Campbell skryf: “Toegespitste aandag beteken om u tiener u volle, onverdeelde aandag te gee op so 'n manier dat hy werklik geliefd voel, dat hy weet hy is so waardevol in eie reg dat hy u waaksaamheid, waardering, en beginselvaste agting regverdig” (*How To Really Love Your Teenager*, bl. 31). Gesprekke gedurende aandete kan die grondslag word vir hernude kommunikasie en samewerking in u gesin.

Aangesigtyd saam met u Kerkgesin

Is kontak van aangesig tot aangesig slegs belangrik vir die huwelik en huisgesin? Natuurlik nie! Selfs in die besigheid, politiek en sport, verstaan suksesvolle leiers die belangrikheid van aangesig tot aangesig kontak. Duke Universiteit se afrigter, Mike Krzyzewski, die bobaas afrigter in Amerikaanse kollege basketbal, het aan *CNBC.com*

skrywer Michelle Lodge gesê dat aangesigtyd noodsaaklik is vir die samesnoering van enige groep: “Hoe maak jy dat vyf ouens op die baan speel soos een man? ... Jy doen dit met voortdurende kommunikasie. Aangesig tot aangesig is die beste manier om te kommunikeer, waar mense mekaar in die oë kan kyk en, wanneer jy die geleentheid het, om altyd aan mekaar die waarheid te vertel en [as gevolg daarvan] 'n element van vertroue te ontwikkel ... Dit gaan alles oor die ontwikkeling van vertrouensverhoudings” (*Face-to-Face Communication Key to Success: Duke's Coach K*, 20 Oktober 2010).

Verlang God ook daardie tipe vertrouens, liefdevolle en broederlike verhouding tussen Sy mense? Natuurlik! Jesus Christus het Sy dissipels geroep en hulle toe uitgedaag om 'n hegte, verenigde groep te word, deur die inwoning van die Heilige Gees (Johannes 17:20-23). God wil hê dat ware Christene in 'n hegte geestelike gesin moet ontwikkel. Veral noudat die einde van hierdie tydperk nader kom, plaas God 'n hoë premie op ware Christelike samesyn. Let op wat die profeet Maleagi aangeteken het: “Toe het die wat die HERE vrees, met mekaar gespreek; en die HERE het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die HERE vrees en sy Naam eer” (Maleagi 3:16).

Indien ons verstaan wat God sê, is dit van kardinale

belang dat ons aangesig tot aangesig kontak behoort te hê, nie net met ons eie gesinne nie, maar ook met ander mense wat deur God geroep is! Diep, geestelike gesprekke met ware Christene word ryklik beloon. Deur ons beproewings en probleme met ons geestelike familie, in wie ons vertrou het, te deel, maak ons laste ligter. Selfs ligte gesprekke gee ons 'n kans om mekaar beter te leer ken. Ons vind uit wat in mekaar se lewens aangaan, ons is nie meer vreemdelinge nie.

Die doel van persoonlike geestelike samesyn is nie net om kerkgangers iets anders te gee om te doen nie. Dit is eintlik 'n uiters belangrike deel van ons geestelike verhouding met ware Christene. Jesus Christus het voorspel dat baie mense teen die eindtyd hulle ywer sal verloor vir hegte, broederlike verhoudings, en ons gewaarsku dat “omdat die ongeregtheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel” (Mattheüs 24:12). Die apostel Paulus herhaal Christus se woorde deur te sê dat selfs van God se mense sal afwyk van ware aanbidding en samesyn. Hy beveel ook dat “... ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom” (Hebreërs 10:24-25). God se mense moet mekaar aanmoedig en ophef. Persoonlike, aangesig

tot aangesig geestelike same-syn vorm 'n belangrike deel hiervan.

Wat van u? Hoeveel aangesig tot aangesig kontak het u met u geestelike familie? God se Kerk is een liggaam wat uit baie lede bestaan. "Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus" (1 Korinthiërs 12:12). Die gevolg is dat "ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar" is (Romeine 12:5). Hoe vind hierdie eenheid egter plaas?

Baie van u wat lesers is van die *Wêreld van Môre*, begin om waarhede te verstaan wat u nog nooit voorheen gehoor het nie. Baie van u volg getrou die voorbeeld van die inwoners van Beréa, want "hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was" (Handelinge 17:11). Ons wil hê dat u ook seker sal maak van wat ons sê, en vir uself sal bewys dat wat hierdie tydskrif verkondig, ooreenstem met wat u Bybel sê. Indien u dit doen, sal u geestelik groei in u wandel met God, namate u leer om Hom meer nougeset te volg, gegrond op Sy eie leringe uit die Skrif.

Namate u groei, sal u uself natuurlik afvra: "Het ek aangesigtyd saam met ander ware Christene nodig?" Wanneer God mense in Sy Waarheid inroep, plaas Hy hulle in die liggaam van Christus, soos dit Hom behaag (Johannes 6:44; 1 Korinthiërs 12:18). Om

nader aan God te kom behels ten dele om in geestelike samesyn te vergader met ander mense wat soos ons dink, wie dieselfde verbintenis gemaak het! Hulle sal graag ander mense van God van aangesig tot aangesig wil leer ken!

Soek God se aangesig

Ons heel belangrike te persoonlike kontak is met God Self. Hy is die Een met wie ons die meeste van almal "aangesigtyd" wil hê en nodig het. Let op hoe het Moses Aäron beveel om Israel te seën: "Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee" (Numeri 6:24-26). Ons wil almal hê dat God ons goedgunstiglik moet aansien! Ons verlang almal Sy beskerming, Sy leiding en voorsiening. Ons wil hê dat God Sy aangesig oor ons moet laat skyn, net soos 'n liefdevolle en toegewyde vader se gesig straal wanneer hy na sy eie kinders kyk en ingenome is met hulle.

Die vraag is, indien ons wil hê dat Hy ons gunstig moet aansien, hoe ernstig soek ons ook Sy aangesig? Dink na oor Koning Dawid van ouds se kragtige woorde: "Wie mag klim op die berg van die HERE? En wie mag staan in sy heilige plek? Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie ... Dit is die geslag van hulle wat na Hom vra, wat u aangesig

soek – *dit is Jakob*" (Psalm 24:3-4,6).

Soek u "God se aangesig"? Hoe doen ons dit? Ons kan Sy gesig nie letterlik sien, soos Moses het nie. God het met Moses "van aangesig tot aangesig [gespreek] soos 'n man met sy vriend spreek" (Eksodus 33:11). Omdat ek en u egter God nie met ons fisiese oë kan sien nie, hoe kan ons dit doen? Ons soek God deur daaglik saam met Hom te wandel en na Hom te gaan in opregte gebed. Ons soek Sy aangesig deur werklik met Hom te praat en aan Hom ons volle aandag te gee. Niemand hou daarvan om met mense te praat wat terselfdertyd op hul selfone boodskappe stuur of hul sosiale media inligting nagaan nie. Waarom sou God nie dieselfde voel oor halfhartige of afgetrokke gebede nie? Ons kan nie "*multi-tasking*" met God beoefen nie! Sou ons dit doen, is ons nie regtig gehoorsaam aan die groot opdrag om *God werklik eerste te stel* nie. Jesus Christus beskryf die "groot gebod" so: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod" (Mattheüs 22:37-38). Doen ons dit?

Soms sukkel ons om God se aangesig te soek, omdat ons sondes ons visie versper. Die profeet Jesaja verduidelik dit só: "Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie; maar julle ongeregthede het 'n skeidsmuur geword

tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie” (Jesaja 59:1-2). Wanneer ons sonde doen, kan ons skaamte en vrees dit vir ons moeilik maak om na God te gaan. Ons wil nie na Hom kyk wanneer ons weet ons het Hom teleurgestel nie. Ons twyfel soms of Hy ons in ons huidige toestand sal aanvaar. Tog is dit juis presies die tyd wanneer ons dit nodig het om ernstig berou te hê en Hom sonder versuim te soek! Soos die apostel Johannes skryf: “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van

alle ongeregtigheid te reinig” (1 Johannes 1:9). Dit stel ons in staat om weereens na ons liefdevolle Vader te gaan, dan die aangesig tot aangesig verhouding te hernu.

Alhoewel ons God nie kan sien nie, weet ons Hy is daar – die ganse heelal getuig van Sy bestaan (Psalm 19:02)! Met Christus se wederkoms sal Sy herrese heiliges geestelike wesens gemaak word en in staat wees om God te sien in volle glorie! Johannes skryf aangaande hierdie ontsagwekkende toekoms: “Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat

ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is” (1 Johannes 3:2-3).

Namate die einde van hierdie tydperk nader kom, afleidings vermeerder en die tempo van die lewe versnel, behoort ons nie die werklike, tasbare, aangesig tot aangesig tyd te verwaarloos nie. Maak seker dat u verbind is tot noue persoonlike kontak met gesinslede, die lede in u geestelike familie, en bo alles, u liefdevolle Hemelse Vader. [WvM](#)

Die ware God: bewyse en beloftes

Waarom is die God van die heelal nie vandag vir mense werklik nie?

Waarom is daar soveel skeptisisme en twyfel oor God?

As u al oor hierdie vrae gewonder het, kan die antwoorde u lewe verander!

In hierdie boekie sal ons die bron van moderne wanbegrippe oor God ondersoek, asook sewe bewyse bestudeer wat die ware God sal onthul.

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

Die Sabbat geskil

Deur Richard Ames

Maak dit saak watter dag u u Sabbat noem? Wat sê die Skrif?

Die wêreld se godsdienste het verskillende dae opsygesit as vakansiedae en tye van aanbidding. Terwyl die meeste van die wêreld se 2,1 miljard belydende Christene op Sondag aanbid, hou 1,3 miljard Moslems Vrydag as hul weeklikse dag van aanbidding. Miljoene Jode onderhou die Sabbat – hul dag van rus en aanbidding – vanaf sononder op Vrydag tot sononder op Saterdag.

Maak dit saak watter dae ons onderhou? Gee God om **wanneer** ons Hom aanbid, solank ons Hom **wel** aanbid? Die meeste belydende Christene aanvaar net wat hulle ouers of kerk hulle geleer het as tradisie. Totdat ek 'n jong volwassene was, was dit wat ek ook gedoen het. As 'n jong seuntjie het ek my ma gevra: “Waarom hou ons Sondag, terwyl die vierde gebod in die Bybel ons leer om die Sabbat, die sewende dag, te hou”? Sy het my 'n vae antwoord gegee wat ek op daardie tyd aanvaar het. Kan *u* egter hierdie vraag beantwoord? Watter dag is die Christelike Sabbat?

Waar kry vandag se belydende Christene die idee vandaan dat Sondag die Christelike dag van aanbidding is? U mag geskok wees om te verneem dat sommige godsdienstige sektes leer dat hul kerk se tradisie meer gesag dra as die Bybel! Let op hierdie

stelling van die Anglikaanse teoloog, Isaac William: “Waar word ons in die Skrif aangesê dat ons die eerste dag moet onderhou? Ons word beveel om die sewende te hou, maar ons word nêrens beveel om die eerste dag te hou nie ... Die rede waarom ons die eerste dag van die week heilig hou in plaas van die sewende, is vir dieselfde rede waarom ons baie ander dinge onderhou, nie omdat die Bybel maar die kerk dit beveel het” (*Plain Sermons on the Catechism*, vol. 1, bl. 334, 336).

Is William reg? Dra die Bybel – die woord van God – minder gesag as die kerklike tradisie? Watter voorbeeld het Jesus Christus gestel? Let op wat die Bybel sê oor Jesus se eie gewoonte aan die begin van Sy bediening. “Toe kom Hy in Násaret waar Hy opgevoed was; en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees” (Lukas 4:16).

Ja, dit was Jesus se gereelde gewoonte om op die Sabbat te aanbid! Watter dag van die week was dit? Sedert die tyd van Jesus, asook eeue voor dit, het die Joodse gemeenskap baie noukeurig hul onderhouding van die sewende-dag Sabbat, vanaf sononder Vrydag tot sononder Saterdag, gedokumenteer. Ons weet uit duisende noukeurig aange-tekende rekords dat die siklus

van sewe dae in die week sedert Jesus se tyd nie verbreek is nie. Diegene wat vandag op die sewende dag aanbid, aanbid op dieselfde dag as wat Jesus gedoen het!

Vra uself: Het Jesus die voorbeeld gestel om op die Sabbat te aanbid en al die Bybelse voorskrifte te hou, sodat ons nie nodig het om dit te doen nie? Skokkend soos dit is, dit is wat baie predikers vandag verkondig! Het Jesus egter selfs een keer aan Sy volgelingen gesê om Sy voorbeeld te ignoreer? Nee! Jesus het nie net die gebooie onderhou nie, Hy het ander mense opdrag gegee om dit ook te onderhou, deur te sê: “Maar as jy die lewe wil ingaan, onderhou die gebooie” (Mattheüs 19:17). Jesus se antwoord toon duidelik dat Hy gepraat het van die Tien Gebooie.

Paulus se voorbeeld

Ons het gesien dat dit Jesus se gewoonte was om die Sabbat te onderhou. Het die apostel Paulus – die “apostel van die heidene” – die Sabbat onderhou, of het hy 'n voorbeeld gestel om te toon dat Heidense Christene dit nie hoef te doen nie? Onthou, Paulus was opgelei as 'n Fariseër, en het die Skrif baie goed geken. Terwyl Paulus in Griekeland was, in die stad Thessaloníka, het hy vir drie

Sabbatte in 'n ry vir die Jode in die sinagoge gepreek. Let op dat dit Paulus se gewoonte was – hy het gereeld op die Sabbat gepreek. “En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gesprek uit die Skrifte en dit uitgelê en aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan, en gesê: Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig, is die Christus” (Handelinge 17:2-3).

Ons sien dus dat Paulus gereeld op die Sabbat vir die Jode gepreek het. Het hy egter ook vir die Heidene op die Sabbat gepreek? Let op wat hy gedoen het in die heidense stad Korinthe in Griekeland. “En hy het elke sabbat in die sinagoge gesprek en Jode sowel as Grieke oortuig” (Handelinge 18:4)! Ja, Paulus het op die Sabbat vir die heidene gepreek!

Indien Paulus verwag het dat Christene Sondag moes onderhou in plaas van die sewende-dag Sabbat, kan ons verwag dat hy met die Christene – of ten minste dan met die heidene – op die Sondag moes praat. Is dit wat u Bybel toon hy gedoen het? Let op Paulus se voorbeeld in Antiochië, wat vandag in die land Turkye is. Wat het gebeur na Paulus se gewone Sabbatpreek vir beide Jode en toegewyde heidene in die sinagoge? “En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gesprek sou word” (Handelinge 13:42).

Indien Jesus of die Apostels

beveel het dat die dag van aanbidding verander is na Sondag was hier 'n ideale geleentheid vir Paulus om aan die heidene te sê: “Nee, julle hoef nie te wag tot volgende Saterdag nie, ons Christene aanbid nou op Sondag. Ontmoet ons môre!” *Hy het dit egter nie gedoen nie!* Wat sê u Bybel? “En op die volgende sabbat het byna die hele stad saamgekom om die woord van God te hoor” (Handelinge 13:44). Paulus het die heidense Christene op die Sabbat geleer! Hy het ook die heidense Korintiërs beveel om sy voorbeeld te volg. Onthou Paulus se opdrag: “Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is” (1 Korintiërs 11:1), of, “Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg” (NV). Ja, Paulus, Jesus en die Apostels het 'n voorbeeld gestel vir alle Christene deur die Sabbat te onderhou!

Waarom die verandering?

Die voorbeeld van Christus en die Apostels is duidelik, daarom mag ons wonder: Wanneer het die “hoofstroom” Christendom begin om Sondag in plaas van die sewende-dag Sabbat te onderhou as 'n dag van rus? Let op: “Tertullianus (202 n.C.) is die eerste skrywer wat uitdruklik van die Sondagrug melding maak: *'We, however (just as tradition has taught us), on the day of the Lord's Resurrection ought to guard not only against kneeling, but every posture and office of solicitude, deferring even our businesses*

lest we give any place to the devil'” (artikel: “Sunday”, *Die Katolieke Ensiklopedie*). Dit was nie tot 202 n.C. nie, meer as 170 jaar na die dood, begraving en opstanding van die Messias, Jesus Christus!

Was Sondag dan in werklikheid die dag van Christus se opstanding? Nee! Kyk na die weergawes van die Evangelies. Wanneer Maria Magdaléna op die Sondagoggend by Jesus se graf kom, vind sy dit leeg. Sy het daar gekom toe dit nog donker was (Johannes 20:1) en Jesus was alreeds weg! Hy is net voor sonder op Woensdag begrawe, net voor die aanvang van die groot Heilige Dag, die begin van die Fees van Ongesuurde Brode. Christus het beklemtoon dat die sleutelteken van Sy Messiasskap die volgende is: “'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees” (Mattheüs 12:39-40). Christus het belowe dat Hy vir 72 uur in die graf sou wees, wat beteken dat Hy kort voor sonder die Saterdag opgestaan het!

Die Romeinse keiser Konstantyn was 'n heidense sonaanbidder. Gedurende sy bewind, in die vierde eeu n.C. het hy Sondagaanbidding dwarsdeur sy Ryk afgedwing. Hy het die volgende edik in 321 n.C. uitgevaardig: “Op die

eerbiedwaardige dag van die Son moet alle magistrate en mense ... rus" (artikel: "*Sunday Legislation*", *Schaff-Herzog Encyclopedia of Religious Knowledge*).

Ongehoorsaamheid aan die keiser se bevel kon die dood beteken vir Sabbatonderhoudende Christene. Slegs dekades later het die Roomse Kerk dan ook 'n verrassende dekreet uitgevaardig by die Raad van Laodicea. Dit verklaar: "Christene moet nie verjoods deur op die Sabbat te rus nie, maar moet op daardie dag werk en eerder op Sondag rus. Indien enige iemand egter gevind word wat verjoods [deur die Sabbat te onderhou] laat hulle anatema [vervloek en afgesny] van Christus verklaar word" (*A History of the Councils of the Church*, bl. 316). Christelike Sabbatonderhouders was gebrandmerk asketters.

Beide die regering en die kerk het teen Christelike Sabbatonderhouders opgetree. Nogtans het die ware Christenskap van die eerste eeu – wie nooit opgehou het om Christus se voorbeeld te volg deur die vierde gebod te onderhou nie – voortgeduur tot vandag, ten spyte van vervolgings deur die eeue. Die meeste mense in Amerika vergeet deesdae dat baie van die eerste Amerikaanse setlaars die Atlantiese Oseaan in die 17de eeu oorgesteek het, op soek na godsdienstvryheid in die kolonies van Noord-Amerika. Duisende het na Rhode Island gestroom om voordeel te trek uit die "*Royal Charter*" wat in 1663

toegestaan is deur Koning Charles II van Engeland, wat godsdienstvryheid in die kolonie gewaarborg het. Tot vandag toe word daardie handves vertoon in die *Providence*, Rhode Island se staatshuis.

Sewende-dag Sabbatonderhouders was onder diegene wat na Rhode Island gekom het, op soek na godsdienstvryheid. Stephen Mumford en sy vrou, wat in 1665 na Newport, Rhode Island gekom het, was die eerste gedokumenteerde Christelike Sabbatonderhouders wat hul in Rhode Island gevestig het. Ander het gevolg en teen 1729 het die groep so gegroei dat dit 'n groter vergadering sal benodig het. Daardie saal, wat in 1729 gebou is, word steeds deur die Newport Historiese Vereniging bewaar.

Indien u ooit in Newport, Rhode Island kom, sal u dalk graag daardie historiese gebou wil besoek. Binne-in die saal is 'n verhoogde preekstoel. Agter die kansel is twee groot gedenkplate, met die Tien Gebooe daarop gegraveer. Aan die onderkant van die tweede gedenkplaat is die apostel Paulus se kragtige uitspraak: "Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet" (Romeine 3:31). Ja, hierdie Nuwe-Testamentiese Christene bevestig hulle trou aan Christus se stelling: "Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die gebooe". Hierdie Christene het reg verstaan dat Jesus se leerstellings daarop aangedring het dat Sy volgelingen die Tien Gebooe moet hou en gehoor-

saam!

Sabbatariër kerkrekords wat in die Newport Historiese Museum bewaar word, bevat die lede se name en hul bydraes. Dit is insiggewend dat die kerk homself in daardie rekords beskryf as "hulle wat die gebooe van God en die geloof van Jesus bewaar, en in die besonder die Here se Sewende-dag Sabbat".

Sommige Sewende-dag Sabbatonderhouders was in die 18de eeu vooraanstaande inwoners van Rhode Island. Twee van die koloniese goewerneurs – Richard Ward en sy seun Samuel – was Sewende-dag Sabbatonderhouders. Selfs die eerste president van Brown Universiteit – James Manning – was 'n Sabbatariër!

Die Sabbat voor Moses?

Sommige mense glo vandag die Sabbat is ingestel as 'n Joodse gewoonte by die berg Sinai, toe Moses die tafels met die Tien Gebooe daarop ontvang het. Is dit so? Nee! Let op hoe u Bybel, wat die "skeppingsweek" genoem word, beskryf. Ons lees dat God man en vrou op die sesde dag geskep het. Wat het dan op die sewende dag gebeur? "So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak"

(Genesis 2:1-3).

Ja, die Sewende-dag Sabbat is 'n herdenking van die skepping – en dit verwys na die ware God en ware Skepper van die heelal. Dit het van die begin van die skepping af betekenis gehad, dit het vandag nog steeds diepe betekenis vir Christene wat die Sewende-dag Sabbat erken as 'n voorafskaduwing van Jesus Christus se duisendjarige heerskappy op die planeet Aarde, gedurende die Millennium.

Waarop het Jesus aanspraak gemaak aangaande Sy verbintenis met die Sabbat? Het Hy gesê Hy is Here oor Sondag – dat Sondag die dag van die Here is? Nee! Jesus het gesê: “Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat” (Markus 2:27-28). Indien Jesus die Here van die Sabbat is, watter dag is dan die Here se dag? Sondag? Nee! Die Sabbat is die Here se dag – Jesus Self sê so! Trouens, die uitdrukking “die Here se dag” kom nie in een van die Afrikaanse Bybels voor nie, en slegs een keer in die Engelse NKJ, en wel in Openbaring 1:10. Daar verwys dit na die profetiese tydperk bekend as die *Dag van die Here*, wat lei tot die wederkoms van Christus. Dit verwys nie na 'n dag van die week nie.

Die boek Hebreërs beeld die Sabbat uit as 'n voorafskaduwing van die aarde se duisendjarige rus, sowel as 'n

herdenking van God se rus tydens die skepping. Met betrekking tot antieke Israel se ongehoorsaamheid op hul pad na die beloofde land, lees ons: “Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou Hy nie van 'n ander dag daarná spreek nie. Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God” (Hebreërs 4:8-9). Die oorspronklike Griekse woord vir “rus” in vers 9 is *sabbatismos*, wat beteken “om 'n Sabbat te hou” (sien *Vine's Expository Dictionary of Biblical Words*). Beide die Ou Vertaling en die Nuwe Vertaling vertaal vers 9 as “'n sabbatsrus”.

Ja, daar bly 'n sabbatsrus oor vir die volk van God, selfs tot op hierdie dag! Is dit dan bloot 'n simboliese rus, of is dit 'n letterlike Sabbatsrus? Indien u toegang het tot 'n afskrif van die *Anchor Bible Dictionary*, kan u vir uself sien dat in ander kontekste, insluitend sekulêre Griekse geskrifte wat nie afhanklik is van hierdie vers uit Hebreërs nie, *sabbatismos* duidelik en letterlik “Sabbat-onderhouding” of “Sabbatviering” beteken. Daar bestaan geen twyfel dat hierdie vers 'n Nuwe-Testamentiese stelling is aangaande 'n letterlike Christelike onderhouding van die Sabbat, nie!

Indien Christene sou ophou om hul werk te doen, net soos God opgehou het met Sy werk (Hebreërs 4:10), behoort ons te vra: Hoe het God opgehou om Sy werk te doen? Die Skrif gee ons die antwoord: “Want Hy het êrens van die sewende dag so

gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke gerus” (Hebreërs 4:4).

Daar is geen raaiery hier nie! Nuwe-Testamentiese Christene is veronderstel om te rus, net soos God gerus het op die sewende dag! Beide die Ou Testament en die Nuwe Testament gee Christene die duidelike voorbeeld en opdrag om die Sabbatdag heilig te hou! Indien u die Bybel beskou as u gesag, eerder as sommige kerktradisies wat beweer dat hulle die Bybel oorheers, het u geen ander keuse nie! Dus, wat is u gesag?

Die Skrif of tradisie?

Vroeër in hierdie artikel lees ons van een Anglikaanse teoloog se duidelike erkenning dat dit tradisie van die kerk was, eerder as die Skrif, wat 'n Sondag-nakoming ingestel het in die plek van die sewende-dag Sabbat. Ander teoloë stem saam. Die bekende Rooms-Katolieke teoloog, James Cardinal Gibbons, maak in sy boek, *Faith of Our Fathers*, die volgende sterk stelling: “U kan maar die Bybel lees van Genesis tot Openbaring, en u sal nie 'n enkele reël vind wat die heiliging van Sondag magtig nie. Die Skrif dwing die godsdienstige onderhouding van Saterdag af, 'n dag wat ons nooit heilig nie”. Gibbons erken dat as die Bybel 'n mens se gesag is, het jy geen basis vir die onderhouding van Sondag nie. Die Skrif, soos hy skryf, dwing die “godsdienstige

Die “Tweede Muis”

J.Davy Crockett, III

Die bekende cliché, “die vroeë voëltjies vang die wurmpies” word dikwels gevolg deur 'n ander afgesaagde waarheid, “die tweede muis kry die kaas”. Terwyl ons oor hierdie geestelike woordskilderye glimlag, bevat hulle wel 'n greintjie van waarheid wat vir almal geld.

Fisies gesproke, weet ons dat stiptelikheid en ywer met verloop van tyd betaal met verhoogde produktiwiteit en met geleenthede, wat die minder ywerige of lui persoon sal misloop. Ons weet ook, alhoewel die “tweede muis” dit dalk nie begryp nie, tydsberekening baie belangrik is. Deur onnodige risiko te vermy, laat ons die kaas geniet na die gevaar verby is – eerder as om in die posisie van die eerste muis te wees, wat die muisval laat afgaan het.

Sorg hierdie muise vir lesse aan ons as mense? Ons mag dalk nie die stukkie kaas soek nie, maar die beginsel bly dieselfde. Vermy die voor die hand liggende gevare in die lewe, en moet nie onbedagsame kanse vat wat ernstige gevolge kan inhou nie. Wees ook altyd bedag op geleenthede wat ander mense moontlik nie raaksien nie. Die skrywer van die boek *Spreuke* in u Bybel, bespreek hierdie onderwerpe breedvoerig vir ons aandag. Byvoorbeeld: “'n Skrander mens sien die onheil en verberg hom, maar die eenvoudiges gaan verder en word gestraf” (Spreuke 22:3). Die wysheid in hierdie boek is baie duidelik.

Verder lees ons: “Wie die gebod hou, bewaar sy lewe; hy wat sy weë nie ag nie, sal sterwe” (Spreuke 19:16).

Ons moet altyd waaksaam wees sodat slegte besluite ons nie verstrik nie, sodat ons nie te staan kom voor ernstige gevolge van oorhaastige optrede wat ons nie sorgvuldig genoeg oorweeg het nie. 'n Oomblik se nalatigheid kan lei tot 'n leeftyd van hartseer. Die belangrikheid daarvan om ons oë oop te hou – om bewus te wees van wat aangaan – is 'n bekende tema regdeur die Bybel. Oorweeg: “Laat jou oë reguit kyk en jou ooglede hulle reg voor jou uit hou. Maak die pad van jou voet gelyk, en laat al jou weë vas wees” (Spreuke 4:25-26).

Afrigters in enige sport sal voortdurend aan hul spelers sê: “Hou jou kop op die spel”. Hierdie vermaning, wat dikwels in die Skrif herhaal word, en wat ons bedag maak op 'n denkwysie van akute bewustheid, is beslis ook belangrik in die “spel van die lewe”.

Koning Salomo van ouds het ook 'n bekende en veelseggende gedeelte geskryf aangaande tydsberekening, wat die belangrikheid openbaar van om nie net in harmonie te bly met die seisoene van die jaar nie, maar ook met die seisoene van ons lewens. Hy begin: “Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd” (Prediker 3:1). Salomo gaan in hierdie gedeelte voort om voorbeelde te gee van kwessies in die werklike lewe wat deur tydsberekening geraak word: “...

'n tyd om te ween en 'n tyd om te lag ... 'n tyd om te bewaar en 'n tyd om weg te gooi ... 'n tyd om te swyg en 'n tyd om te spreek” (verse 4, 6-7).

Ons kan sien dat Salomo, deur die gee van hierdie tydlose advies, 'n diepgaande begrip het van die belangrikheid van tyd en tydsberekening. As fisiese mense, is ek en u deur ons Skepper 'n bepaalde tydsduur toegeken waarin ons ondervoinding moet opdoen en in ons lewens God se heilige en regverdige karakter moet bou, om ons voor te berei vir die ewige fase van Sy grootse plan, soos geopenbaar deur die jaarlikse Heilige Dae, namate ons elke jaar deur die siklus gaan.

In sy poging om God se plan te dwarsboom, stel Satan “muisvalle” om 'n niksvermoedende bevolking te vang. Wat gaan u doen om daardie strikke te vermy? Sal u in 'n strik gevang word? Of sal u waaksaam en ywerig wees, sodat u – soos die “tweede muis” – die loon sal ontvang wat 'n liefdevolle God bied aan al daardie mense wat Hom sal aanvaar en gehoorsaam?

Om meer te leer oor hoe u die “vroeë voëltjie” en die “tweede muis” kan wees, lees ons gratis boekies, *Die Heilige Dae – God se meesterplan* en *Wat is 'n ware Christen?* Hulle sal u help om te verstaan wat God besig is om in u lewe te doen, en wat u kan doen om die ewige beloning te verseker wat Hy wil hê u moet kry. **WYM**

Môre se Jeug

Die twee gesigte van tegnolgie

Deur Jonathan McNair

Navorsers het die afgelope jare waargeneem dat jong mense groot hoeveelhede van hul tyd spandeer aan elektroniese media – tot 'n mate wat ongekend was in vorige geslagte. Sommige beramings stel jong mense se daaglikse gebruik van elektroniese media op 7-8 ure (“Young people spend 7 hours 38 minutes a day on TV, video games, computer”, *Los Angeles Times*, 28 Januarie 2010). Een opname het bevind dat 38% van studente nie tien minute kon wag sonder om een of ander soort elektroniese toestel aan te skakel nie.

Ongelukkig dra hierdie toestelle dikwels vernietigende en gevaarlike waardes aan hul gebruikers oor. Dink daaraan dat sommige van die gewildste video-speletjies titels het soos “*Grand Theft Auto*”, “*Modern Warfare*”, “*Mortal Combat*”, “*Street Fighter*” en “*Resident Evil*”. Sommige studies dui daarop dat die video-speletjies aggressie kan verhoog en studente se vermoë om op skoolwerk te konsentreer kan verminder. Omrede hierdie speletjies meer gewild is onder jong mans as onder jong vrouens, is hulle te blameer vir die groter wordende verskil in akademiese prestasie tussen mans en vrouens.

Vir ouer mense wat grootgeword het in 'n wêreld waar

“aangesigtyd” die norm was (sien ons artikel “Aangesigtyd” elders in hierdie uitgawe), kan die verskynsel van “SMS” [*texting*] 'n raaisel wees. Terwyl die gebruik van SMS nie uniek is aan jong mense nie, gebruik hulle dit baie meer as volwassenes. Die Marknavorsing firma, *Lab 42*, berig: “71% van tieners verkies 'n SMS bo 'n gesprek en 45% van tieners stuur ten minste 30 SMS-boodskappe per dag”. Meisies is meer geneig om te SMS. Terwyl die gemiddelde volwassene bo 18 jaar 10 keer per dag 'n SMS stuur, stuur seuns tussen 14 en 17 jaar 30 keer per dag 'n SMS en meisies tussen 14 en 17 jaar 100 SMS-boodskappe per dag, volgens die *Lab 42*-studie.

Skokkend, maar stuur van SMS-boodskappe verander soms in seksboodskappe of “*sexting*” in Engels. Beramings dui daarop dat 15% van tieners al 'n seksueel suggestiewe multimedia boodskap van iemand wat naak of byna naak is, ontvang het. In hul gewilde duet, “*Dirty Picture*”, sing Kesha en Taio Cruz “*take a dirty picture for me*”, asof dit 'n normale deel van romantiese hofmakery sou wees. 'n 2010 *Super Bowl* advertensie het die aktrise Megan Fox in 'n borrelbad vertoon, waar sy 'n selfoon foto van haarself neem en daaraan dink om dit te stuur, terwyl twee

mans hulle vergaap. Geen wonder dat tieners nou dink dat “*sexting*” normaal en selfs “*cool*” is nie.

Afgesien van seksuele boodskappe, sou geen oorsig van die risiko's verbonde aan die hedendaagse media-gebruik volledig wees sonder om oorweging te skenk aan die plaag van pornografie nie. Die wêreldwye “*Internet porn*” bedryf word geskat om \$4.9 miljard per jaar wins te maak. Sowat 12% van al die webwerwe is pornografies. Dan is 25% van al die soekenjins pornografie-variant. Soveel as 40 miljoen Amerikaners is gereelde besoekers van porno-webwerwe, en hul eerste blootstelling was dikwels vroeg – 93% van seuns en 62% van meisies is blootgestel aan aanlyn pornografie gedurende puberteitsjare.

Ja, tegnologie speel 'n rol om groot skade te berokken aan ons moderne samelewing in die algemeen, aan jong mense in die besonder. Tog is daar 'n ander gesig van tegnologie.

As gevolg van moderne tegnologie, kan my kinders met hulle grootouers oor die **telefoon** praat, hoewel hulle myle ver weg woon. Deur middel van moderne tegnologie kan baie van ons, deur middel van 'n eenvoudige Google-soektog, na foto's van die **mooste plekke** op aarde kyk. Ons kan kyk na die

prag van verre **sterrestelsels** en die binneste werkinge van die kleinste **selletjies**. Soos 'n koning in hofsitting, kan ons die beste musikante in die land ontbied en na hulle luister – in stereo. Ons kan deur die lug vlieg, vinniger as enige voël in die lug.

Op ontelbare maniere is ons wêreld beter gemaak deur “tegnologie”. Dink aan Jesus Christus se opdrag aan Sy dissipels om te “waak” en wêreldgebeure dop te hou (Lukas 21:36). Deur middel van die Internet, televisie, gedrukte media en radio, is ons in staat om die omvang van wêreldsake te verstaan, soos geen ander mense voor ons nie. Profesieë wat in die bladsye van die Bybel opgeskryf is, word vir ons lewendig deur gebruik te maak van moderne tegnologie. Daardie selfde tegnologie stel ons in staat om die Goeie Nuus wat in daardie bladsye opgeteken is, te verkondig. Ons kan vandag gehoor gee aan Christus se opdrag op maniere waaraan die Apostels van die eerste eeu nie kon dink nie (Mattheüs 24:14).

Aangesien tegnologie gebruik kan word vir beide goed en kwaad, wat moet ons doen? Ons lees in die Skrif: “... want die HERE gee wysheid, uit sy mond kom kennis en verstand” (Spreuke 2:6). Hier is dus 'n paar Bybelgebaseerde beginsels om ons te help om tegnologie met wysheid te gebruik:

Stel reëls vas. Dit is ouers se verantwoordelikheid

om reëls te maak. Ouers word beveel om hulle kinders te leer en op te voed (Deuteronomium 6:7), dit behels die stel van perke. Reëls behoort die individuele gesin se waardes te weerspieël, wat God se waardes moet weerspieël. Ons gesin se reëls vir tegnologie behoort die volgende in te sluit: Waar ons toegang tot die Internet toelaat, wanneer ons toegang tot die rekenaar toelaat, asook hoeveel tyd toelaatbaar is – op die rekenaar, die speletjies-konsole, of die foon (SMS of gesels). 'n Gesinsreël kan byvoorbeeld wees dat ons nie “gebruik maak” van 'n gehoorstuk wanneer ons saam met ander gesinslede is nie. Nog 'n reël kan wees dat toegang tot die Internet slegs in die algemene gesins-areas toegelaat word. 'n Ander nuttige reël mag wees dat al 'n kind se wagwoorde (tot sosiale media-webwerwe, e-pos rekenings, rekenaar inskakelings, selfone, ens.) aan die ouers bekend is. Kinders sal 'n vertrouensverhouding met hul ouers ontwikkel as hulle wysheid betoon in hul kommunikasie met ander mense, en ouers sal nie graag 'n verantwoordelike jong persoon se kommunikasie wil “mikro-bestuur” nie. Indien u kinders egter die “privaatheid” eis om sonder toesig 'n donker, onbekende stegie te bewandel, sal u hulle dit laat doen, tensy hulle bewys het dat hulle hulself kan verdedig? Ouers moet nie bang wees om gebalanseerde ouerlike verantwoordelikheid uit te oefen nie.

Weerstaan groepsdruk.

Hierdie punt is vir ouers. Volwassenes kan onder druk geplaas word om die verkeerde soort tegnologie te aanvaar, en vir die verkeerde redes. Ons eie gebruikmaking van tegnologie kan deel wees van die probleem. Het ons regtig grootskerm televisiestelle in die woonkamer en in die slaapkamer nodig? Het ons kinders regtig private televisies in hul slaapkamers nodig? Raak ons so behep met die jongste slimfoon of tablet, die jongste kabel-TV plan of “*movie streaming service*”, dat ons minder aandag gee aan ons kinders as wat ons behoort te doen? Ons kinders het ons “aangesig tot aangesig tyd” nodig, en hulle let op ons voorbeeld. Dink aan Christus se vermaning: “Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik” (Mattheüs 5:16).

Oorweeg oorsaak en gevolg. “'n Skrandere mens sien die onheil en verberg hom, maar die eenvoudiges gaan verder en word gestraf” (Spreuke 22:3). Ons handeling het gevolge. Wil ons video-speletjies hê om ure van ons kinders se tyd in beslag te neem? Nee! Is dit dan raadsaam om 'n speletjies-konsole vir ons kinders te koop? Wil ons hê dat ons seuns aan pornografie verslaaf moet raak? Natuurlik nie! Moet ons hulle dan toerus met 'n rekenaar wat hulle in die privaathed van hul kamers tot laat in die nag kan gebruik? Gee ons om as ons dogters

Waak en Waarsku

“Die Here sal ondersteun”

Deur Wyatt Ciesielka

Die wêreld is in 'n warboel. Te midde van voortgesette aaklige *wêreldwye* nuus, en miskien selfs moeilike *persoonlike* beproewings, is u bekommerd dat u nie die krag sal hê om met vertroue – *selfs met blydskap* – die dae wat kom, die hoof te bied nie? Depressie en angs is baie wesenlike probleme. Volgens 'n onlangse studie deur die Sentra vir Siektebeheer, ly een uit elke tien volwasse Amerikaners aan depressie. Volgens 'n onlangse studie deur die Wêreld Gesondheidsorganisasie, pleeg byna 'n miljoen mense wêreldwyd jaarliks selfmoord, die selfmoord-syfer het met 60% toegeneem oordie laaste 45 jaar.

Christene behoort egter gevul te wees met *blydskap* (Galasiërs 5:22), *vrede* (Psalm 119:165) en vertroue of *vrymoedigheid*, wat “groot beloning het” (Hebreërs 10:35). Tog is daar baie redes waarom mense wanhopig is. Sommige ly aan fisiologiese toestande. Ander was slagoffers van trauma. Sommige is verlam deur berou oor sonde. Nog ander word eenvoudig oorweldig deur die lewe se beproewings. Wat van u? Hoe kan u vreugde en vertroue hê in die jare wat voorlê?

Skriftuurlike vermaning

Christene, in wie die Heilige Gees woon, behoort nie 'n “gees

van vreesagtigheid” te hê nie, “maar van krag en liefde en selfbeheersing” (2 Timotheüs 1:7). Daarbenewens sê Jesus Christus aan ons om *nie* bekommerd te wees oor ons lewens nie, maar om eerder eers die Koninkryk van God en Sy geregtigheid te soek (Mattheüs 6:25-33). Baie mense is vertrou met hierdie vermanings, maar *twyfel* nog steeds of hulle die krag sal hê om te volhard en te oorwin! Dikwels is hierdie twyfel die gevolg van ons gevoel dat ons nie “waardig genoeg” is vir God om onste ondersteunnie.

Ongetwyfeld, waar daar nog sonde in ons lewens is, behoort ons ons sekerlik daarvan te bekeer (Mattheüs 3:8; Openbaring 2:22). Nogtans is selfs die mees regverdige persoon baie ver van volmaaktheid af (Romeine 3:23). Christene behoort die vertroue te hê dat, hoewel ons in hierdie lewe almal onvolmaak bly, dit God se plesier is om die werk wat Hy in ons begin het, te voltooi (Lukas 12:32). Ongeag ons tekortkominge – ongeag die rampe wat besig is om die wêreld rondom ons te verslind – kan ons die krag hê om te oorwin! Indien God ons geroep het (Johannes 6:44), indien ons geantwoord het op Sy roepstem (Handelinge 2:36-39), sal ons Hom ywerig en boetvaardig soek (2 Petrus 3:18). Dan kan ons weet: “Hy is getrou en regverdig om ons die sondes

te vergewe en ons van alle ongeregtheid te reinig” (1 Johannes 1:9).

Ons kan kies om Hom te verlaat, en kan selfs Christus se offer vir ons verwerp (Hebreërs 6:6). Sy wil is egter om ons *nooit* te verlaat nie (Hebreërs 13:5)!

Twyfel u soms of u “goed genoeg” is vir God om u te ondersteun deur *werklike* ramspoedige tye? Indien dit so is, dink aan die ou en dikwels vergete voorbeeld van 'n man wat tydens die ondergang van sy volk geleef het. Hierdie man was ver van volmaak af, nogtans het God hom ondersteun, *vir Sy doeleindes!*

‘n Onvolmaakte voorbeeld

Jójagin het duisende jare gelede in antieke Juda geleef. As jong koning, het hy “verkeerd gedoen” tydens sy regering (2 Konings 24:8-9). God het hom egter ondersteun om Sy doel te dien. Trouens, Jójagin, se naam beteken “die Here sal ondersteun”. God sou inderdaad getrou gewees het om Jójagin “te ondersteun”, om van hom 'n kragtige voorbeeld te maak vir ons vandag.

Jójagin het geleef tydens ramspoedige tye. Sy volk het verder weggedraai van God af. Ongelukkig is die Westerse wêreld vandag besig om verder weg te beweeg van 'n diepe

agting en ontsag vir die Skepper en Sy ware weë. Soos die Bybel herhaaldelik waarsku: God sal mense en nasies wat Hom lief het en gehoorsaam, seën en Hy sal diegene vervloek wat Hom voortdurend verwerp (vgl. Levitikus 26 en Deuteronomium 28).

Jójagin het ook in 'n tyd geleef toe sy volk op die rand van ekonomiese ineenstorting verkeer het. Ewe-eens waarsku invloedryke ekonome vandag dat ons wêreld op die rand van ekonomiese ineenstorting huiwer, Amerika staan die gevaar om in nog 'n resessie en potensieel *meer skadelike* een, te verval (*CNNMoney*, 24 Februarie 2012).

Jójagin het beleef hoe sy volk te staan gekom het voor oorweldigende militêre uitdagings. Vandag word die Westerse wêreld gekonfronteer deur toenemende bedreigings op verskeie gebiede. Byvoorbeeld: Die Amerikaanse Weermag se generaal wat in beheer was van die Verdedigings-intelligensie-agentskap het gewaarsku dat China besig is om voor te berei vir ruimte-oorloë asook met die ontwikkeling van tegnologie om die Amerikaanse navigasie-, kommunikasie- en intelligensie-satelliete te vernietig (*The Washington Free Beacon*, 23 Februarie 2012). NASA het onlangs bekend gemaak dat rekenaarinbrekers [*hackers*] verlede jaar 13 keer in hul rekenaarstelsels ingebreek het, insluitend een aanval waar “rekenaarinbrekers wat deur 'n

Chinees-gesetelde *IP* adres gewerk het, ingebreek het in die netwerk van NASA se *Jet Propulsion Laboratorium*” en tydelik “volle toegang tot die stelsel” van “*mission-critical*” *JPL* rekenaars verkry het (*Reuters*, 2 Maart 2012)! Intussen, as gevolg van begrotingsdruk, is Brittanje besig om die moontlikheid te ondersoek om groot gedeeltes van sy tenkmag in Duitsland te berg – 'n voortgesette vervulling van Hosea 7:11, waarvolgens moderne Efraim (Brittanje) uitgebeeld word as 'n “onnosele duif”, deurhaar vertrouete plaas in buitelandse moondhede (insluitende “Assirië” wat in profesieë geïdentifiseer word as die hedendaagse Duitsland)!

Jójagin het 'n koninkryk wat in opstand was geërf. Hy sou Juda slegs vir 'n kort tydjie – vanaf 598-597 v.C. – regeer en hy sou spoedig ontsetel word deur Nebukadnésar se magtige Babiloniese weermag (2 Konings 24:8; 2 Kronieke 36:9-10). Jójagin sou sy troon en sy volk verloor. Sy land se ekonomie sou in duie stort. Sy koninkryk sou vernietig word en sy volk sou afgemaai word. Hy en sy gesin sou gevange geneem word na Babilon, waar marteling, of selfs teregstelling, op hulle kon wag. Vir Jójagin mag alles verlore gelyk het. Nogtans beteken sy naam “die Here sal ondersteun” en die Here **het** Jójagin staande gehou, *vir Sydoel*!

Volgens die *Babiloniese Kronieke* het Nebukadnésar se leërs Palestina binnegeval in

Desember van die jaar 598 v.C. Hulle het Jerusalem op 16 Maart 597 v.C. ingeneem. Die Babiloniërs het die stad geplunder en Jójagin en sy gesin gevange geneem. Nebukadnésar het Jójagin se oom, Mattánja, op die troon van Jerusalem geplaas – en sy naam verander na Sedekia (2 Konings 24:12-17).

Ten spyte van hierdie onrus, en selfs in 'n tyd van nasionale ineenstorting en ballingskap, het God die onvolmaakte Jójagin *ondersteun*. Die *Babiloniese Kronieke* verwys na Jójagin as “Yaukin” en maak melding van spesiale rantsone van duur voedsel wat aan hom en sy gesin voorsien is. Van veel groter betekenis – soos weerspieël word deur die feit dat Esegïël sy geskifte dateer van die jaar van Jójagin se ballingskap en *nie* van Mattánja se troonbestyging nie – God het seker gemaak dat Jójagin sal voortleef in koninklike status as die *wettige* erfgenaam van die troon van Juda!

Hoekom het God Jójagin op al hierdie maniere ondersteun? Hy was besig met die vervulling van Sy *doel*, aangesien die Messias sou kom deur die geslagslyn van Jójagin. Let daarop dat dit Jójagin en sy afstammeling is wat in Mattheüs se geslagsregister genoem word as die voorouers van Jesus Christus (Mattheüs 1:11-12)! Hierin lê die les. God sal diegene wat Hy verkies, ondersteun.

Hou moed!

Een les uit Jójagin se lewe is dat God die mag het om ons staande te hou vir Sy doel, ongeag die gevare of beproewings wat ons in die gesig mag staar! Jójagin was 'n *onvolmaakte* mens, nogtans het God hom ondersteun vir Sy doel. Vandag roep God onvolmaakte mense om Sy Heilige Gees – na bekering en doop – te ontvang, om die menslike natuur te

oorwin en ons met die “nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid” (Efesiërs 4:24). Christene bewys aan God hulle liefde vir Hom deur hulle gehoorsaamheid aan Hom (1 Johannes 5:3).

Profesieë toon aan dat die moderne Westerse nasies maatskaplike beproewings van toenemende felheid sal verduur. Toenemende persoonlike beproewings sal ook kom.

Nogtans, maak nie saak watter uitdagings Christene mag ervaar nie, *ons kan staande bly*, want ons het toegang tot *ondenkbare krag* – die krag van die Here God wat diegene wat Hy vir Sy doel geroep het, ondersteun! Indien God Jójagin staande gehou het vir Sy doel, dan sal Hy sekerlik diegene in wie Hy werk om Sy welbehag te doen (Filippense 2:13), ook ondersteun! **WvM**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Vervolg vanaf bladsy 16 – Die Sabbat geskil

onderhouding van Saterdag af”. Gibbons erken dat dit die Raad van Laodicea was in die vierde eeu n.C. – nie die bladsy van u Bybel nie – wat veroorsaak het dat die belydende Christelike wêreld die onderhouding van die sewende-dag Sabbat verander het na Sondagonderhouding.

Net so skryf die vooraanstaande Suidelike Baptiste predikant, Harold Lindsell, 'n voormalige redakteur van die tydskrif, *Christianity Today*: “Daar is niks in die Skrif wat van ons vereis om Sondag eerder as Saterdag as 'n heilige dag te hou nie” (“*Consider the Case of*

Quiet Saturdays”, *Christianity Today*, 5 November 1976, bl. 42).

Wat behoort u te doen? U behoort u Bybel te bestudeer en besluit of u wil leef volgens “elke woord van God” soos Jesus ons in Mattheüs 4:4 en Lukas 4:4 vermaan. Jesus sê Hy is Here van die Sabbat. Hy het gereeld die sewende-dag Sabbat onderhou, en hy het nie die wet oortree nie. Hy sê: “... net soos Ek die geboorte van my Vader bewaar” (Johannes 15:10). Sal u die voorbeeld van Jesus Christus en die opdragte in u Bybel volg? Of sal u in opstand

kom teen hulle, ten einde die tradisie van mense te volg?

In God se Koninkryk sal almal die sewende-dag Sabbat onderhou (Jesaja 66:22-23). Wat 'n wonderlike wêreld sal dit wees. Selfs vandag nog is Jesus Christus die Here van die Sabbat (Markus 2:28). Hy het nie verander nie. “Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid” (Hebreërs 13:8). Ware Christene streef vandag in hulle lewens daarna om die voorbeeld wat Hy gestel het, na te volg. Wat gaan u doen? **WvM**

Vrae & Antwoorde

VRAAG: God sê aan Sy volk om navolging van heidense praktyke te vermy. Ek sien egter die meeste belydende Christene beskryf hulle denominasies en die geboue waar hulle aanbid, as “kerke”. Aangesien “Circe” (Grieks *Kirke*, beteken “valk”) die naam is van 'n Griekse godin, hoe kan dit geassosieer word met Christelike aanbidding?

ANTWOORD: Wie was Circe? In verskeie verhale in die Griekse mitologie, was sy “'n townares, die dogter van Helios, die songod, en die seenimf Perse” (*Encyclopaedia Britannica*, “*Circe*”). Sy het veral bekend geraak deur haar verskyning in Homer se *The Odyssey*, maar andersins is Circe 'n relatief onbenullige mitologiese figuur.

Circe se verbintenis met die “songod” het daartoe gelei dat 'n paar mense die Engelse woord “*Church*” en die voorgeskiedenis daarvan verbind het met haar naam as nog 'n voorbeeld van hoe heidense sonaanbidding “hoofstroom Christendom” binnegedring het. Behalwe vir die toevallige ooreenkoms in spelling tussen Circe se naam en die voorgeskiedenis van “kerk” op verskillende tye, bestaan daar tog geen bewyse van 'n konneksie nie. Dit is nie soos die goedgedokumenteerde konneksie tussen die Anglo-Saksiese vrugbaarheidsgodin Oestre (die godsdienstige ekwivalent van die Midde-Oosterse godinne Astarte en Ishtar), en die naam *Easter* [Paasfees] nie. Dáár kan mens die historiese en ten minste ook sommige van die taalkundige konneksies naspoor. Daar bestaan **geen** konneksie tussen “Circe” en “kerk” nie.

Dit is waar dat “kerk” [*church*] teruggevoer kan word na 'n Oud Engelse woord wat soms *circe* gespel word (in sommige historiese bronne word dit *cirice* gespel). Enige van die beter woordeboeke met etimologiese verwysings sal hierdie inligting in sy geheel of gedeeltelik aangee. Sommige mense maak dan tog 'n aanname wat die woordeboeke nie doen nie: Hulle verbind die Oud Engels van *cir(i)ce* met die *Circe* of *Kirke* van klassieke mitologie.

Met behulp van verskeie verwysings oordie onderwerp (*The Oxford Unabridged Dictionary*, *The American Heritage Dictionary*, en *The Merriam-Webster's Collegiate Dictionary*), kan ons die spoor volg van die ontwikkeling van die woord “kerk” of “*church*” en die ooreenkomste daarvan in ander tale. Die finale bron is waarskynlik die vroeë Christelike Griekse frase *kyri(a)kon* (*doma*), “die Here se (huis)”. Die Griekse *kyriakon* (letterlik “van die Here”) was gebruik vir huise van Christelike aanbidding sedert ongeveer 300 n.C., veral in die Ooste, hoewel dit minder algemeen was in hierdie sin as *ekklesia* of *basilike*. Hierdie woord is 'n

voorbeeld van direkte Grieks-tot-Germaanse ontleding van Christelike woorde deur die Gote, en was waarskynlik gebruik deur die Wes-Germaanse volke in die voor-Christelike tydperk. Die woord was ook geleen deur Slawies vanaf Germaans (vgl. Oud Slawies *criky*, Russies *cerkov*). Romaanse en Keltiese tale gebruik variante van die Latynse vorm *ecclesia*, wat in die Latynse Vulgaat-weergawe te vinde is.

Aangesien Engels 'n Germaanse taal is, is dit nie verbasend dat *kyriakon* direk uit die Grieks via Germaans oorgedra is nie. Dit was in Engels gebruik voor 900 n.C. In Oud Engels verskyn dit as *cir(i)ce*; in Middel-Engels as *chir(i)che*; en in Moderne Engels as *church* (daar was 'n parallelle mutasie van klinkers in wat die Engelse woord *bury* [begrawe] geword het). *Church* is dus soortgelyk aan die Nederlandse *kerk*, die Duitse *Kirche*, die Oud Noors *kirkja*, en die Skotse *kirk*. Hulle kom almal van Grieks via Germaans. Hierdie woorde (soos hul oorspronklike Griekse bron) beteken egter almal die plek waar byeengekom word, eerder as die byeenkoms self, soos die Bybelse *ekklesia* beteken. William Tyndale se Nuwe Testament gebruik “*robbers of churches*” net in Handeling 19:37 en dan slegs in verwysing na diegene wat heiligs kennis pleeg teen heidense tempels (die Griekse woord vertaal as “*robbers of churches*” is die meervoud van *hierosulos*). Hy vertaal *ekklesia* deurgaans as “gemeente”, ongeag die konteks.

Gegewe hoe *kyriakon* ontwikkel het tot *church* en die ooreenstemmings daarvan in ander tale, is dit onvermydelik dat daar 'n toevallige ooreenstemming met *Circe* of *Kirke* sou kon ontstaan in terme van spelling. Dit verg egter meer as toeval om die woord “*church*” af te lei van 'n minder belangrike figuur in die Griekse mitologie, of dit nou gekoppel is aan 'n belangrike mitologiese songod of nie. So 'n hipotetiese verbinding is sonder konkrete ondersteuning, en druis in teen ander vorms van werklike bewyse. God beveel nêrens die gebruik van 'n spesifieke taal aan as heilig vir sy volk vandag nie, nog minder verbied Hy die gebruik van die “omgangstaal” om uitdrukking te gee aan konsepte soos *ekklesia*, *kyriakon*, of selfs die name van God self. **W.V.M.**

Profesie neem

Die ondergang van die Weste

Vir die laaste paar eeue het die nasies van Europa en Noord-Amerika die wêreld oorheers en hul “Christelike” kultuur regoor die aardbol versprei. In die afgelope paar jaar egter – vinniger in hierdie 21ste eeu – het hierdie eens magtige lande *van binne begin verkrummel!*

Nasies wat 'n gemeenskaplike kultuur, geskiedenis en waardes as vanselfsprekend aanvaar het, word bedreig deur groot vlae van immigrasie wat idees en gewoontes inbring wat die aannames en die oorheersing van hulle gashere se kulture bedreig. Regoor Europa en Amerika is hierdie tendens aan die toeneem. Nogtans besef min mense vandag dat Bybelse profesieë *voorspel het* dat dit sou gebeur en *onthul waarom*. Hierdie antieke profesieë is besig om *vandag gestalte aan te neem!*

Krummelende fundering

Die filosoof George Santayana het ewe roemryk gesê: “Diegene wat nalaat om die lesse van die geskiedenis te leer is gedoem om dit te herhaal”. Deesdae bemerk die meeste mense geïsoleerde gebeure wat probleme skep, maar slegs 'n paar erken die “geheelbeeld”! Meer as tweehonderd jaar gelede het die beroemde Engelse historikus, Edward Gibbon, sleuteloorzaak uitgewys waarom die antieke Romeinse Ryk tot niet gegaan het: 'n Liefde vir prag en praal en

weelde, 'n groterwordende gaping tussen ryk en arm, 'n beheptheid met seks, wispelturigheid in kuns, 'n toenemende begeerte om regeringstoelae te ontvang en op staatsonkoste te leef. Gedurende die laaste halfeeu is hierdie selfde verskynsel toenemend sigbaar in die Westerse nasies.

Ander historici en ontleders het soortgelyke lysste opgestel en die parallelle toestande wat gelei het tot nasionale ondergang, raakgesien. Jim Nelson Black beskryf in 'n boek getitel “*When Nations Die*” die tendense wat gevind word in ryke wat verval en van die wêreldverhoog verdwyn het: Toenemende wetteloosheid, verlies aan ekonomiese dissipline (stygende skuld), toenemende burokrasie, afname in die gehalte van onderwys, verval van godsdienstige geloof, toenemende materialisme, stygende onsedelikheid (pornografie, seks buite die tradisionele huwelik), verswakking van kulturele fundering, minagting vir die regering, die devaluasie van menslike lewe (aborsie, genadedood, gewelddadige misdaad) en verlies aan agting vir tradisionele waardes en instellings. Dit is tragies dat *hierdie tendense* verskyn en versprei het gedurende die afgelope 50 jaar in die “Christelike” nasies van die Weste.

Deur 'n les te leer uit die geskiedenis, het kommentator Russel Kirk opgemerk: “Geen nasie bly vir ewig bestaan nie: Van dié wat verdwyn het ... het die meeste vanweë *interne verval* tot niet gegaan” (“*America's British Culture*”, bl. 90). Samuel Huntington, 'n welbekende Harvard Universiteit historikus, het die stadia waardeur beskawings gaan en progressiewe tekens van verval bespreek: “Wanneer die beskawing nie meer in staat is om homself te verdedig nie, omdat dit nie meer gewillig is om homself te verdedig nie, kwesbaar is vir barbaarse invallers” (“*The Clash of Civilizations*”, bl. 303). Ongelukkig beskryf dit die huidige toestande in baie Westersenasies!

Opkomende bedreigings

Die histories “Christelike” nasies van die Weste kom te staan voor groeiende bedreigings *van binne en van buite*. Vir meer as 'n eeu is die wêreldlike bedreiging *van binne* besig om fundamentele Bybelse waardes uit te kalwe, en in die afgelope dekades was hierdie aanval veral suksesvol onder intellektuele mense en akademië, wat gereeld die spot dryf met die idee dat God bestaan en in menslike sake ingryp. Geleerdes en kritici bevraagteken openlik die lankgeuldigde opvatting dat die Bybel die geïnspireerde woord

gestalte aan

van God is. Vandag word Bybelse idees aangaande die huwelik, die rol wat geslag speel en morele waardes toenemend verwerp as “outyds” en “verouderd”. Dit is egter hierdie selfde “verouderde” idees wat die grondslag van die Westerse beskawing vir eeue lank onderskraag het. Huntington meen dat hierdie verwerping “die einde van die Verenigde State van Amerika beteken soos ons dit geken het. Dit beteken ook effektief die einde van die Westerse beskawing” (*ibid.*, bl. 306-307). Ongelukkig lyk dit of baie min mense vandag hierdie feit beseef!

Die Westerse beskawing kom ook te staan voor eksterne bedreigings wat sy voortgesette gesondheid en oorheersing aanbetref. Een van die grootste uitdagings is die herverskyning van Islam as 'n mag om mee rekening te hou. Die bepaalde doel van baie radikale Islamiete is die vernietiging van die korrupte “Christelike” Weste en die vestiging van 'n Kalifaat gebaseer op die Koran en sharia wet. Dit stel 'n direkte uitdaging aan die basiese Bybelse waardes van die Westerse beskawing. Moslems blameer Jode en Christene dat hulle die Skrif wat God aanvanklik aan hulle gegee het, “verontreinig” het. Islam beskou Jesus Christus as 'n profeet, nie die goddelike Seun van God nie. Die voorstanders van sharia wet verwerp demokratiese beheer wat toelaat dat hedendaagse voorkeure eeue oue tradisies

van Moslem wetsgeleerdes oorheers. Onder streng Islamitiese wet moet nigelowiges wat nie tot Islam bekeer nie, 'n belasting betaal om tweedehandse status in die gemeenskap te verkry, of anders gedood word.

Hoewel die leërs van Islam vir 'n paar honderd jaar onsuksesvol probeer het om die hele Europa te oorwin – hulle het gevorder tot binne Spanje na die weste en die poorte van Wene na die ooste – is 'n nuwe aanval onderweg, hierdie keer word dit gedoen deur immigrasie en geboortesifers. Families waarvan die voorgeslagte al eeue lank in Europa is, sien hul geboortesifers daal na onvervangbare vlakke maar nogtans ondervind hulle lande groei as gevolg van Moslem-immigrante wat na Europa kom en groot gesinne grootmaak. Wees op die uitkyk vir intenser polarisering van Europa, namate Moslems toenemend politieke mag verkry in nasies wat voorheen deur “Christene” oorheers was. Die tyd mag spoedig aanbreek wanneer 'n teenreaksie teen immigrante groter eenheid tussen Europese lande sal meebring wat hulle Rooms Katolieke afkoms gaan “laat herlewe” as 'n skans teen Islam. Dit sal weer op sy beurt vyandighede laat ontvlam in Moslem-nasies aan die suide en ooste van Europa.

Die opkomende ekonomiese en militêre mag van China, Indië en ander lande wat voorheen nie “spelers” op die

wêreld se geopolitieke toneel was nie, kom op 'n tyd wanneer die voorheen oorheersende mag van die V.S.A. en Groot Brittanje aan die kwyn is. Bykomend is die groot Westerse moondhede toenemend afhanklik van ekonomiese lenings en energie-verskaffing van ander lande. Dit voorspel niks goed vir nasies wat ook *van binne verkrummel* nie! *Waarom gebeur* dit juis nou met die “Christelike” nasies van die Weste?

Antieke profesieë

Die Bybel openbaar dat God 'n verbond gesluit het met die antieke twaalf-stammige nasie van Israel. Die hedendaagse nasies van Amerika, Kanada en Groot Brittanje, asook die noordwestelike Europese lande, is afstammeling van die antieke Israeliete (vir meer oor hierdie onderwerp, lees ons boekie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?*). Die voorwaardes van die verbond was eenvoudig: Gehoorsaam God en Sy wette en word geseën, of wees ongehoorsaam aan God en Sy wette en ly die gevolge (Levitikus 26; Deuteronomium 28). God het Sy wette aan Sy uitverkore volk gegee, sodat hulle 'n voorbeeld kon wees vir die wêreld (Deuteronomium 4:1-9; 7:6-11). Ongelukkig, ten spyte van waarskuwings deur God se profete, het die Israeliete hul gedistansieer van God se wette en in plaas daarvan die

gewoontes van heidense nasies rondom hulle nagevolg en verskriklike straf as gevolg daarvan verduur.

Min mense besef vandag dat baie van die profesieë in die Bybel *tweeledig is* – dat daar 'n aanvanklike vervulling in antieke tye was, maar die uiteindelijke vervulling van hierdie profesieë sal geskied in die *laaste dae*, net voor Jesus Christus se wederkoms. Lank gelede het God Moses beveel om die Israeliete te waarsku: “Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie ...

en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het ... Ek sal verskrikking oor julle beskik ... *julle haters sal oor julle heers ... Ek sal julle trotse mag verbreek*” (Levitikus 26:14-19) en “... as jy nie luister na die stem van die HERE jou God [nie] ... Vervloek sal jy wees in die stad, en vervloek sal jy wees in die veld ... *Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jý sal laer en laer afsak*. Hý sal aan jou leen, maar jý sal aan hom nie leen nie; hy sal die kop en jy die stert wees. En al hierdie vloeke sal oor jou

kom en jou agtervolg en jou inhaal totdat jy verdelg is, omdat jy nie geluister het na die stem van die HERE jou God om sy gebooie en sy insettinge wat Hy jou beveel het, te hou nie” (Deuteronomium 28:15-45). Ons nasies getuig vandag dat hierdie profesieë nou besig is om gestalte aan te neem – omdat die hedendaagse Israelitiese nasies hul gedistansieer het van die God van die Bybel!

—*Douglas S. Winnail*

Vervolg vanaf bladsy 7 – Jesus Christus kom om te regeer

Skepper: “Mag daar volheid van koring wees in die land, op die top van die berge; mag die vrug daarvan ruis soos die Líbanon; en mag hulle bloei uit die stad soos die plante van die aarde!” (vers 16).

Diegene van ons wat werklik besig is om voor te berei om deel te wees van die komende **wêreldregering**, behoort selfs nou al te leer hoe om “regverdig te oordeel” en om ons besluite in elke faset van ons lewens te deurdink. Die apostel Paulus was geïnspireer om aan die Christene van sy tyd te sê: “Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die *alledaagse dinge?*” (1 Korinthiërs 6:2-3).

Baie van Jesus se gelykenisse dui duidelik daarop dat ware Christene hulself behoort voor te berei om oor

stede en nasies te **regeer** onder Jesus Christus. In Lukas 19:11-27, toe die “edelman” van Jesus se gelykenis terugkeer, het hierdie persoon, wie die terugkerende Jesus Christus voorstel, aan sy getroue dienskneg gesê: “*Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede*” (vers 17). Weereens, die “beloning” van die ware Christen is **nie** om rond te sweef in die hemel om die hele dag niks te doen nie! Die ware Christen sien eerder daarna uit om Christus by te staan om oor stede en nasies *op hierdie aarde te regeer*.

Dit is vir *daardie* soort regering waarvoor hierdie wêreld letterlik “uitroep”! Dit sal *vrede* en **vreugde** bring, baie meer as wat die planeet Aarde nog ooit beleef het. Onthou, as dit nie was vir die ingryping van die ware God van die Bybel nie, sou *vernietiging* inderdaad die mense van die aarde uitgewis het.

Diegene van ons wat dus bereid is om te glo wat die Bybel werklik sê, behoort te leer om onself *juis nou* voor te berei vir die komende wêreldregering. Ons moet onself *heeltemal oorgee* aan die lewende Christus van die Bybel en Hom toelaat om waaragtig Sy lewe binne-in ons te **leef** deur die Heilige Gees. Ons behoort die profesieë en nog baie meer waarna ek verwys het, te **bestudeer**. Ek dring aan by almal van u wat begin verstaan om in te skryf vir ons *Wêreld van Môre Bybelstudiekursus*, om *regtig* die besonderhede *te leer* van God se wonderbaarlike plan. U inskrywing en deelname is absoluut **gratis** en sonder enige verpligting. Mag God ons almal help om uit te sien na die vervulling van die ware Goeie Nuus waarvan Jesus Christus en Sy dienaars gepraat het – die toekomstige *wêreldregering* onder Jesus Christus as Koning van die konings. **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 19 – Die twee gesigte van tegnologie

“sexting” boodskappe ontvang? Beslis! Dus moet ons in staat wees om die gebruik van “slimfone” te monitor wanneer dit nodig is. Dit is nodig dat ouers moet onthou dat tegnologie nie

'n “reg” is waarop ons kinders kan aanspraak maak nie. As ouers moet ons erken dat toesig oor ons kinders ons verantwoordelikheid is, as deel van ons ouerlike plig.

Tegnologie het twee gesigte. Die uitvindings van die mens kan vir goed of kwaad gebruik word. Mag God aan ons die wysheid gee om die goeie te kies en die kwade te verwerp. **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

En die HERE sal julle onder die volke verstrooi, en 'n klein klompie van julle sal onder die nasies oorbly waarheen die HERE julle sal drywe” (verse 26-27). God sê dat die “klein klompie” wat sal oorbly, heeltemal heidens sal word totdat ons waarlik verootmoedig is en Hom sal begin **soek** met ons hele hart (verse 28-29).

Wanneer sal dit alles dan gebeur? “As jy in die nood is en al hierdie dinge aan die einde van die dae oor jou kom, sal jy na die HERE jou God terugkeer en na sy stem luister” (vers 30).

Ons is verseker nou “aan die einde van die dae”. Die mensdom is nou in staat om alle menslike lewe op hierdie planeet te vernietig, soos Jesus in Mattheüs 24 voorspel. Ons is nou uiters korrup, net soos die apostel Paulus voorspel vir die laaste dae in 2 Timótheüs 3:1-5: “Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom” (vers 1). Dit lyk dus of 'n aantal faktore saamvloei om die finale verootmoediging en tugtiging van ons mense teweeg te bring. In 'n “tweeledige” voorspelling – toepaslik voor Israel se eerste ballingskap en nou weer aan die einde van die dae – sê God: “En as julle dan nog nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle sewevoudig weens julle sondes te tugtig. En Ek sal julle trotse mag verbreek, en sal julle hemel maak soos yster en julle aarde soos koper” (Levitikus 26:18-19).

Dit is een rede vir die bestaan van hierdie tydskrif. Ons wil al ons lesers waarsku teen die gevare wat voorlê, en diegene help wat nou deur God geroep word, om te leef volgens Sy lewenswyse en om in hulle eie lewens die oorspronklike Christenskap van Jesus en Sy Apostels te hervestig – die enigste ware

Christenskap en die Weg wat seëninge en vreugde sal bring, selfs te midde van die beroeringe in ons wêreld.

Ons het baie artikels in die *Wêreld van Môre* gehad wat **bewys** lewer dat ware Christenskap gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie behels! U moet dus besluit of u aan die God van die Bybel gehoorsaam sal wees of die godsdienste van hierdie wêreld. Dit is so eenvoudig soos dit.

Eenvoudig? Dit *behoort* eenvoudig te wees, maar die menslike verstand speel slinkse speletjies met ons. Ons wil mos nie hê dat daar op ons neergesien word of dat ons verstoot word deur ons medemens, ons familie, ons span of ons klublede nie.

Baie van ons is soos die Jode in Jesus se tyd: “Maar tog het selfs baie van die owerstes in Hom geglo; maar ter wille van die Fariseërs het hulle dit nie bely nie, om nie uit die sinagoge geban te word nie. Want hulle het die eer van die mense meer liefgehad as die eer van God” (Johannes 12:42-43). Indien u iets in God se leerstellings vind wat mag veroorsaak dat u by ander mense in onguns verval, sal u terugstaan, dit verontagsaam en gevolglik ongehoorsaam wees? Miskien sê u: “Dit maak nie juis 'n verskil nie”.

Dink hieroor: “Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat **bewe** vir my woord” (Jesaja 66:2).

'n Opregte Christen moet onthou dat hy **nie** aan homself behoort nie. Hy is deur die bloed van Jesus Christus gekoop en betaal! Dit volg dus vanselfsprekend dat hy daarna sal streef om God ten volle te *gehoorsaam*. 'n Ware Christen weet dat Christus regtig sy “Here”, sy werklike “Baas”

is. *Dit* is die gesindheid wat God verlang: **Totale onderwerping** aan Hom. Dit is die gesindheid wat aan God toon dat – anders as ontroue Satan en sy ongehoorsame demone – u en ek altyd **getrou** sal wees, deur daadwerklike geloof te hê om te *doen* wat God sê.

Vra God vir die gesindheid van totale onderwerping aan Hom. Spandeer tyd om Sy weë te leer deur die Bybel te bestudeer. Onthou om te *doen* wat die Skrif sê. Lees ons boekies en die artikels in die *Wêreld van Môre* noukeurig. Vergelyk nadenkend dít wat ons u leer met u Bybel. Moet nie bekommerd wees oor “wat ander

mense dink nie”. Volg die opdrag: “Beproof alle dinge; behou die goeie” (1 Thessalonicense 5:21).

Dan, met God se leiding deur Sy Gees, sal u Hom toelaat om binne u daardie een basiese gesindheid van gehoorsaamheid aan Christus se woorde te bou wat, as daarmee volhard word, u plek sal verseker in die ewigdurende Koninkryk van God.



Wêreld van Môre Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS
9880**

**of skakel : 058 622 1424
en meld dat u navraag doen
na die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**